MATIELAND

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

3 • 1994

GET YOUR RUGBY WORLD CUP '95 SUPPORTERS TIES NOW!



RUGBY WORLD CUP 1995

Ⓐ Also Available in blue

Cravateur

CRAVATEUR TIE COMPANY
Manufacturer of official licenced product of
RUGBY WORLD CUP 1995
fashion ties

RUGBY WORLD CUP 1995

To avoid disappointment complete this coupon.

To: *Recognition Gift Suppliers (Pty) Ltd*
PO Box 3079, Johannesburg. 2000
Telephone: (011) 334-8415
Fax: (011) 334-6180

Please send me ..... RUGBY WORLD CUP '95
supporters ties A☐ (Burgundy) A☐ (Blue) B☐ C☐

Please send me .... RUGBY WORLD CUP '95
venue ties 1☐ 2☐ 3☐ 4☐ 5☐ 6☐ 7☐ 8☐ 9☐
Please indicate quantities of each design required

at R65.00 each (Incl VAT).

Name:
Address:

Code:
Tel (W): Tel (H):

Cheque/Postal order for R .. herewith OR
debit my VISA/MASTERCARD.
No. ☐☐☐☐ ☐☐☐☐ ☐☐☐☐ ☐☐☐☐
Expiry date
Signature:
Add R35 for deliveries to countries outside SA

RUGBY WORLD CUP 1995

EXCLUSIVE COLLECTION RUGBY WORLD CUP '95 VENUE TIES

Cravateur

CRAVATEUR TIE COMPANY
Manufacturer of official licenced product of
RUGBY WORLD CUP 1995
fashion ties





MATIELAND 3:94

INHOUD

JAARGANG 38 3 : 1994

Voorblad: Met 'n vuurpyl soos dié gaan Suid-Afrika se eerste mikrosatelliet - wat nou by die Ingenieursfakulteit gebou word - oor net meer as 'n jaar in Amerika gelanseer word. Op die inlasfoto's is (van bo af) 'n model van die satelliet; studente wat werk aan 'n paneel van die satelliet; en personeel en studente met Nasa-besoekers in die satellietlaboratorium.

Matieland word drie keer per jaar uitgegee en gratis aan oudstudente en donateurs van die US gestuur.

Redaksiekantoor: Afdeling Openbare Betrekkinge, Universiteit van Stellenbosch, Privaatsak X5018, Stellenbosch, 7599; tel (021)808-4633/808-4851; Adreslys: (021)808-4634; faks (021)808-4499.

Redakteur: Hans Oosthuizen **Redaksionele advieskomitee:** proff Christo Viljoen (voorsitter), Walter Claassen, Flip de Wet, Johan Groenewald en George Claassen; asook mnre Johan Fechter, Sunley Uys, Douglas Davis en Hans Oosthuizen. **Ontwerp en uitleg:** Strijdom van der Merwe, Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys (Buvo), US; **Fotografie:** Antenie Carstens en Anton Jordaan (Buvo); **Gedruk deur:** Nasionale Handelsdrukkery.

Lees is pret - bl. 16

Superatlete - bl. 20

MENING

Universiteite al hoe meer op mekaar aangewese 2

NAVORSING/RESEARCH

Computer Science involved in major research 8
Klanke in menslike kommunikasie nagevors 9
"Appalling" dental hygiene among worker families 10
Breakthrough technique can meet challenge 10
Reg vir die ruimte 12

UITREIK

Ondanks agterstande, kan sowat 120 Maties word 14
Wiskundige by programme betrek 15
Boeke wat kinders lief maak vir lees 16
Skool sonder mure help honderde 18

SPORT

Standbeeld vir Craven kom op Coetzenburg 19
Kwadruplegiese sportster 'n toonbeeld van vasbyt 19
Superatlete is Sportman en -vrou van 1994 20
Tennisspelers vaar baie goed 21

OUD-MATIES

Vlieënde boer nou KWV-voorsitter 24
Wynmaker maak wêreldnaam 24
Princetonse teoloog vereer 25

PROFIEL

Tandehande, sieketrooster en "mechanic" 30

ALLERLEI

President 1ste keer as staatshoof by US 5
Provinsie wys Raadslid aan 5
Afrikaans en Nederlands presteer met publikasies 6
First Cambridge examination centre in SA 7
In Memoriam 22
Reünies 26
Personeelprestasies 28
Toekenning bevorder onderrig 29
32 kry toekennings vir 800 jaar by US 31

MENING

UNIVERSITEITE al hoe meer op mekaar AANGEWESE

deur prof Christo Viljoen

Die Weskaap is bevoorreg om te beskik oor nie minder nie as vyf tersiêre opvoedkundige inrigtings - drie universiteite en twee technikons - afgesien van 'n verdere aantal onderwys-, tegniese en ander kolleges. Dit bied meer plekke aan voltydse studente as wat die streeksbevolking regverdig - wat dit noodsaaklik maak dat die inrigtings optimaal bedryf sal word deur uitgawes te besnoei, koste-effektiewe opvoeding aan te bied, en elkeen op bepaalde terreine te spesialiseer sodat onnodige duplisering uitgeskakel sal word.

Daar is tans 468 000 studente aan 21 universiteite en 15 technikons in Suid-Afrika ingeskryf. Dit kom neer op 348 000 universiteitstudente, insluitende 123 000 aan die afstandsonderriguniversiteit Unisa, en 120 000 by al die technikons.

Groter toegang tot universiteit en technikon deur voornemende studente uit gemeenskappe waarvan die skoolleerlinge dikwels onder-voorbereid vir tersiêre studie is, sal die druk op studieplekke aan tersiêre inrigtings verhoog en groot verantwoordelikhede op die inrigtings plaas om oorbruggings- en ondersteuningsprogramme aan bepaalde studente te voorsien.

Terselfdertyd word dit allerweë aanvaar dat die nasionale prioriteite tot gevolg sal hê dat die tersiêre opvoedkundige sektor sy huidige aanspraak op befondsing vanuit die fiskus nie sal kan vergroot, of selfs sal kan handhaaf nie. Suid-Afrika bestee meer aan opvoeding - 21,4% van sy totale staatsbegroting, oftewel 7,3% van die BNP - as die meeste ander lande ter wêreld.

Universiteite moet noodgedwonge meer en meer fondse uit ander bronne genereer: die staatsbydrae het afgeneem van 84,7% tot 66,3% in ses jaar, en sal na verwagting verder afneem. By die skrywe hiervan is die subsidievlak vir 1995 nog nie bekend nie, maar die verwagting is dat dit met so veel as drie persentasiepunte onderkant die huidige peil sal afneem.

Waar 'n universiteit soos Stellenbosch vir sowat twee derdes van sy totale inkomste vanuit die staatsubsidie, 'n verdere kwart vanuit klasgeld en ongeveer een tiende vanuit ander bronne afhanklik is, het enige afname in die staatsubsidie ernstige gevolge vir studentegelde tot gevolg. Trouens, tensy besparings teweeg gebring kan word, sal klasgeld aan universiteite as gevolg van dalende staatsubsidies dusdanig kan styg dat universiteitstudie onbekostigbaar vir Jan Alleman se kind mag word. Dit moet ten alle koste verhoed word. Dit is derhalwe die US se beleid om verhogings in klasgeld tot onder die inflasiekoers te probeer hou.

Universiteite en technikons sal moet leer om hul rieme dunner te sny en om bepaalde dienste en fasiliteite te rasionaliseer. Daar lê moeilike, selfs pynlike besluite vir universiteite in Suid-Afrika in die onmiddellike toekoms voor: departemente (en selfs fakulteite) sal geherstruktureer of gerasionaliseer moet word, luukshede en onekonomiese eenhede sal uitgeskakel moet word, en die moontlikheid van personeelvermindering is nie uitgesluit nie. Vindingryke metodes van samewerking sal deur tersiêre inrigtings bedink moet word sodat dit vir almal 'n wen-wen situasie kan wees, veral ten einde te verseker dat die akademiese doelwitte van die universiteit nie skade ly nie.

Op bl. 3 in hierdie uitgawe van *Matieland* word berig oor enkele samewerkingsprojekte wat reeds tussen die Universiteit van Stellenbosch en sy bure bestaan. Dat daar 'n begin hiermee gemaak is, is verblydend. Dat dit nodig is om die samewerking aansienlik uit te brei na ander terreine, is ooglopend duidelik. Om die woorde van die Engelse digter John Donne te parafraseer: geen universiteit is 'n eiland geheel tot homself nie. •



Weskaap neem die leiding met streeksamewerking tussen tersiêre opvoedkundige inrigtings.

In die hoofartikel op bl. 2 word die klem geplaas op die noodsaaklikheid van samewerking tussen tersiêre onderwysinrigtings in die Weskaap streek ten einde onnodige duplisering uit te skakel en koste te bespaar. *Prof Christo Viljoen, Viserektor (Bedryf)* vertel van die vordering wat reeds gemaak is

Die feit dat die vyf tersiêre opvoedkundige inrigtings van die Weskaap - die Universiteite van Stellenbosch, Kaapstad (UK) en Wes-Kaapland (UWK), en die Kaapse en Skiereilandse Technikons - fisies naby mekaar geleë is, en tot 'n groot mate nie in mekaar se waters visvang wat studentewerwing betref nie, vergemaklik samewerking op 'n streeksbasis.

Die rasionalisering van graadkursusse het reeds op verskeie terreine plaasgevind: die opleiding van bv. aptekers aan die US en UK is reeds uitgefaseer, en word uniek aan die UWK aangebied.

Op nagraadse vlak kan studente in die ingenieurswese reeds so veel as 'n derde van hul magistergraadkursus (oftewel die helfte van die voorgeskrewe vakkursusse vir die graad) by 'n ander universiteit volg. Die honneurskursusse in Politieke Wetenskap aan die drie universiteite bied gedeelde modules aan.

Magistergraadkursusse in Arbeidswetgewing geniet 'n soortgelyke benadering. Op nagraadse vlak bestaan daar in die fakulteite Regsgeleerdheid 'n formele samewerkingsooreenkoms met betrekking tot die gedoseerde LL.M program waarvolgens studente van die drie universiteite vrylik kan kies by welke universiteit vakkursusse gevolg word.

Departemente van Chemiese Ingenieurswese het 'n nywerheids-ondersteunde samewerkingsaksie waarin selfs tegniese personeel en laboratoriumgeriewe tussen mekaar gedeel word.

Samewerking tussen bepaalde gespesialiseerde geneeskunde-departemente bestaan reeds geruime tyd, en intensiewe samesprekings vir groter samewerking en rasionalisasie is aan die gang tussen die twee Weskaapse fakulteite van geneeskunde (US en UK) en hul onderskeie akademiese gesondheidskomplekse, asook tussen die fakulteite van tandheelkunde aan die US en UWK.

In verskeie laboratoriumgebaseerde kursusse gebeur dit dikwels dat studente van een kampus na die ander per bus vervoer word om praktika in gespesialiseerde laboratoria, wat slegs op die ander kampus beskikbaar is, uit te voer.

Samesprekings oor samewerking vir opleiding op terreine so wyd uiteenlopend soos die teologie en vervoerekonomie lê voor die deur. Op die terrein van die teologie bestaan daar reeds vir 'n paar jaar 'n samewerkingsverband ("Cluster") tussen die teologiefakulteite van die US en UWK, waarby ook ander departemente, insluitende die Departement van Religieuse Studies van UK, en die Hugenote-Kollege van Wellington betrek is.

Samewerking behels aangeleenthede soos biblioteekdienste, navorsingsprogramme, die uitruil van dosente, gesamentlike beplanning van kurrikula en konferensies, die gesamentlike benutting van besoekende oorsese akademici, ens.

Die Kaapse Technikon is verteenwoordig op die US se Fakulteitsraad Opvoedkunde vanweë samewerking by die aanbieding van die HOD (Sekondêr) (Handels-wetenskappe) kursus. Via die *Education Faculties Working Group* word ondersoek tans gedoen na die moontlikheid van groter samewerking tussen die drie Weskaapse universiteite met betrekking tot die aanbieding van M.Ed.- en B.Ed.-kursusse.

Verskeie ander formele organisasies bestaan om samewerking te bevorder; dit strek van die SUSEC (*Southern Universities Specialized Education Committee*) in die opvoedkunde tot SAADYT (SA Drama and Youth Theatre) op die gebied van die drama.

Die deurvloeiing van studente tussen kampusse (bekend as "artikulering"), en bepaald tussen universiteite en technikons, lei tot 'n groter mate van mobiliteit en laat toe dat 'n student van die een inrigting na die ander kan verskuif met die maksimale erkenning van ter sake krediete wat by die vorige inrigting verwerf is. 'n Technikon gediplomeerde in die ingenieurswese met T4 Wiskunde op hoër vlak en 'n T4 kwalifikasie, kan byvoorbeeld ongeveer in die helfte van die tweede jaargang van die vierjarige B.Ing graadstudie aan die US toegelaat word.

'n Waardevolle orkestreerder van die inter-kampus samewerking in die Weskaap is 'n informele **Komitee van**

Viserektore, waarop elkeen van die vyf tersiêre inrigtings deur 'n viserektor verteenwoordig word.

Ofskoon die komitee projekte inisieer en oor breë beleidsbeginsels van samewerking ooreenkom, is hulle self nie betrokke by die bestuur van enige van die projekte nie. Die huidige verteenwoordigers is proff Wieland Gevers (UK) (voorsitter), Christo Viljoen (US) en Jaap Durandt (UWK), dr Nick Kok (Kaapse Technikon) en mnr Brian Figaji (Skiereilandse Technikon).

Hulle kom kwartaalliks op een van die kampusse bymekaar om aksies te bespreek en metodes van samewerking te inisieër. Die **Weskaapse Tersiêre Inrigtings Trust** is deur die Viserektoregroep gestig om die aksies te befonds, en 'n aantal projekte het reeds uit hierdie optrede voortgespruit, waarvan die volgende vier voorbeelde is:

BIBLIOTEEKSAMEWERKING

Biblioteeksamewerking, veral tussen die Universiteite van Stellenbosch en Kaapstad, bestaan al baie jare. As gevolg van onhanteerbare prysstygings en die dalende waarde van die rand, moes samewerking en die wyse waarop dit plaasvind, verder ondersoek word. Om dié rede is kontak met buitelandse stigtings opgeneem en die *Ford Stigting* in die VSA het belangstelling getoon om 'n samewerkingspoging tussen die universiteite van Stellenbosch, Kaapstad en Wes-Kaapland sowel as die Kaapse- en Skiereilandse Technikons, finansieël te steun.

Danksy 'n skenking van R500 000 in 1993 deur die *Ford Stigting,* aangevul deur 'n verdere skenking ten bedrae van R272 000 deur die *Desmond Tutu Opvoedkundige Trust,* is die Weskaapse Koöperatiewe Biblioteekprojek gestig. Dit staan bekend as Calico (Cape Library Cooperative).

Die projek word bedryf deur die direkteure van die vyf deelnemende biblioteke, waarvan prof Hennie Viljoen die Universiteit van Stellenbosch verteenwoordig. 'n Intensiewe interbiblioteek leningsdiens, bedien deur 'n voertuig wat vanaf 1 Julie vanjaar elke dag by al vyf die inrigtings aandoen, het tot gevolg dat boeke-aankope gerasionaliseer en interbiblioteeklenings vergemaklik kan word. 'n Dosent of nagraadse student wat 'n boek by 'n ander biblioteeek behoef, kan dit binne 24 uur op sy tafel hê.

Daar word gehoop dat die vyf biblioteke binne twee tot drie jaar van 'n gemeenskaplike gerekenariseerde biblioteekkatalogus en toegangsnetwerk gebruik sal maak, om beskikbare inligting optimaal toeganklik te maak. Verskeie ander samewerkingsprojekte is ook reeds geloods en rasionalisering word grootliks deur dié projek bevorder.

'n Nie-amptelike samewerkingsooreenkoms tussen die drie regsbiblioteke aan universiteite in die Weskaap, georkestreer deur regsdekane (wat ook gereeld vergader om oor kurrikulumontwikkeling te besin) verseker dat buitelandse regspublikasies nie gedupliseer word nie, maar elke universiteit selektief op bepaalde bronne inteken.

"RISC" REKENAARPROJEK

Danksy 'n skenking van toerusting ten bedrae van meer as R2 miljoen deur die firma Reach & Teach, 'n filiaal van die Amerikaanse IBM maatskappy, word 'n totaal van 28 rekenaarterminale by die vyf opvoedkundige inrigtings aangebring. Die terminale maak gebruik van RISC ("Reduced instruction set computer") tegnologie.

Die verwagting is dat hoëspoed unieke data verbindings wat die vyf kampusse aan mekaar verbind, deur Telkom geïnstalleer sal word. Hierdeur sal die rekenaarterminale aan mekaar gekoppel kan word om 'n omvangryke rekenaarvermoë, verspreid oor die kampusse heen, te realiseer.

Ofskoon die projek in sy beginstadium is, is twee poste van stelselprogrammeerders gesamentlik deur die vyf inrigtings ingestel, en sal die posbekleërs een dag diens op elkeen van die deelnemende inrigtings se kampusse lewer.

GESAMENTLIKE SKOOL VIR GEMEENSKAPSGESONDHEID

Die mees omvangryke van die huidige projekte is die daarstelling van 'n gedeelde *Skool vir Gemeenskapsgesondheid* in die Weskaap, gesentreer by UWK maar versprei oor die vyf kampusse heen. Die fokus word geplaas op primêre gesondheidsorg en die opleiding van gemeenskapsgesondheidswerkers.

Suksesvolle somer- en winterskole is reeds aangebied aan sowat 600 gesondheidswerkers, en die fakulteitsrade van die fakulteite Geneeskunde en Tandheelkunde van US het albei besluit om deel te word van dié unieke streeksinisiatief. Dit word allerweë aanvaar dat, sonder inter-kampus samewerking, die aksie nie lewensvatbaar sou wees nie.

WETENSKAPS- EN TEGNOLOGIE EKSPLORATORIUM

Die daarstelling van 'n Wetenskaps- en Tegnologie Eksploratorium in Kaapstad onder die vleuels van die **Gateway Discovery Trust,** is 'n verdere uitvloeisel van die streeksamewerkingsaksies. Die inisiatief hiervoor het uitgegaan vanuit die Kaapstadse Stadsraad.

Ingenieurs, wetenskaplikes en opvoedkundiges van die twee technikons en drie universiteite sal uitstallings en werkende modelle ontwerp waardeur skoolleerlinge se belangstelling in die ingenieurswese, wetenskap en tegnologie geprikkel sal word.

Mobiele uitstallings, veral daarop gemik om agtergeblewe gemeenskappe te besoek, sal help om hierdie kennisgebiede onder toekomstige studente se aandag te bring.

Die realiteite van steeds stygende kostes op die terrein van tersiêre opvoeding het die vyf Weskaapse instansies aangespoor tot ongekende samewerking met die besef dat hulle gesamentlik méér kan wees as die som van die individuele instansies. •

PRESIDENT by US

1ste keer as staatshoof

Pres. Mandela met sy besoek aan die US saam met mnr Nils Flaatten, voorsitter van die Afrika Politieke Vereniging (links), en die Rektor en Visekanselier, prof Andreas van Wyk.

Pres Nelson Mandela het aan die einde van die derde kwartaal sy eerste besoek aan die Universiteit gebring sedert hy vroeër vanjaar die staatshoof geword het. Hy het in die HB Thom-teater 'n geleentheidsrede aangebied wat die Afrika Politieke Vereniging in samewerking met die Universiteit gereël het.

'n Groot deel van die president se toespraak was in Afrikaans. Hy het gepraat oor die noodsaak vir 'n universiteit soos Stellenbosch om by veranderende omstandighede aan te pas en om deur sy aansienlike vermoëns 'n bydrae tot die ontwikkeling van sy land en al sy mense te lewer. Terselfdertyd het hy sy waardering uitgespreek vir wat die US reeds op dié gebied doen, onder meer deur die stigting van die Afdeling Akademiese Ontwikkelingsprogramme.

Die Rektor en Visekanselier, prof Andreas van Wyk, het (deels in Xhosa) die president as staatshoof van alle Suid-Afrikaners verwelkom, mnr Mandela bedank vir sy vriendelike woorde en die versekering gegee dat die Universiteit vasbeslote is om as inklusiewe Afrikaanstalige universiteit 'n betekenisvolle rol in die nuwe Suid-Afrika te bly speel. Hy het onder andere voorbeelde gegee van die talle gemeenskapsprojekte waarby die Universiteit betrokke is.

Na die rede in die HB Thom-teater, wat deur sowat 400 verteenwoordigers van die Universiteitsgemeenskap bygewoon is en deur 'n baie hartlike atmosfeer gekenmerk is, het pres Mandela op 'n kort onthaal ontspanne met die gaste gemeng. •

1ste in die land

PROVINSIE WYS RAADSLID AAN

'n Oud-Matie wat oor meer as vier dekades diep spore in Kaaplandse onderwyskringe getrap het, dr FG (Fred) Backman, is deur die Wes-Kaapse provinsiale regering as lid van die Universiteitsraad aangewys.

Dit is die eerste keer sedert die nuwe politieke bedeling vroeër vanjaar tot stand gekom het dat 'n provinsiale regering 'n raadslid vir 'n universiteit aanwys. Met dr Backman se aanstelling het die Raad van die Universiteit nou 22 lede.

Dr Fred Backman

Dr Backman het B.Sc., Hons.B.Sc. en M.Sc. aan die Universiteit van Suid-Afrika, B.Ed. en M.Ed. aan die Universiteit van Wes-Kaapland en in 1991 sy doktorsgraad (D.Ed.) aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Hy was o.m. hoof-onderwysbeplanner voordat hy in 1984 adjunkdirekteur van onderwys geword het.

Dr Backman het in sy loopbaan ook in verskeie komitees, rade en verenigings gedien - o.m. die SA Geneeskunde- en Tandheelkunde Vereniging, die Professionele Raad vir Sielkunde, die Adviesraad vir Universiteite en Technikons en die Elsenburgse Ontwikkelingstigting.

o Tien van die US-raadslede wie se termyne vroeër vanjaar verleng is, is prof Andries Brink en mnre Ritzema de la Bat en Christo Wiese (deur die Konvokasie benoem); dr Marius de Waal en mnr Gys Steyn (deur die Minister van Onderwys benoem); proff Willie Esterhuyse, Bernard Lategan en Billy Nell (deur die US-Senaat benoem); mnr Koos van Schoor (deur die Stellenbosse Munisipaliteit benoem) en mnr Gerhard van Niekerk (deur die donateurs benoem).

Mnr Steyn is die raad se ondervoorsitter. Die voorsitter is dr David de Villiers, 'n Konvokasie-benoemde. Die ander lede is proff Andreas van Wyk, as Rektor en Visekanselier, Christo Viljoen as Viserektor (Bedryf) en Walter Claassen as Viserektor (Akademies); dr Dirk Hattingh en prof Tony Links as ministers-benoemdes; proff Elize Botha en Theo Pauw as Konvokasie-benoemdes; mnr Walter Scheffler en dr Chris van Wyk as donateursbenoemdes; en mnr André Serfontein wat as 1994-'95 se Studenteraadsvoorsitter deur die SR as US-Raadslid benoem is. •

Minister en premier open skool

Dr Zola Skweyiya (links), Minister van Staatsdiens en Administrasie, en mnr Hernus Kriel, Premier van die Weskaap, wat saam die nuwe Skool vir Openbare Bestuur amptelik geopen het, by prof Erwin Schwella, hoof van die skool. Dit is op die Universiteit se Bellvillepark-kampus geleë.

Afrikaans & Nederlands presteer met publikasies

Vyf van die dosente by Afrikaans en Nederlands wat met hul publikasies in die afgelope jaar dié departement se naam hoog gehou het, is (van links) prof Leon de Stadler, me Ronel de Goede (Foster), dr Ilse Feinauer en proff Fritz Ponelis en Rufus Gouws, en (bo) prof Lina Spies.

Personeel by Afrikaans en Nederland het in die afgelope jaar meer publikasies die lig laat sien as enige ewekniedepartement in die land. Dit wissel van digbundels tot woordeboeke, van taalwetenskaplike tot literêre produkte.

Proff Rufus Gouws en Fritz Ponelis en dr Ilse Feinauer het *Basiswoordeboek van Afrikaans* gepubliseer. Dié verklarende aanleerwoordeboek is die eerste in Afrikaans. Dit sal 'n belangrike rol hê in die bemarking van Afrikaans in die tweede- of vreemdetaalmark en kan ook 'n nuttige hulpmiddel vir moedertaalsprekers van Afrikaans wees. Die woordeboek is in 'n natuurlike gesprekstaal wat makliker verstaanbaar is.

Nog 'n woordeboek uit dié departement is *Groot Tesourus van Afrikaans* deur prof Leon de Stadler (met die medewerking van sy vrou, Amanda). Dit is die eerste soortgelyke woordeboek in Afrikaans.

Die taalkundedosente het ook in die afgelope vyf jaar vier belangrike werke oor die Afrikaanse taalwetenskap gelewer - *Afrikaanse Semantiek* (prof Leon de Stadler, 1989), *Afrikaanse Morfologie* (prof Johan Combrink, 1990) en *The Development of Afrikaans* (prof Fritz Ponelis 1993). Lg. is 'n omvattende werk oor die geskiedenis van Afrikaans. Dit is in die buiteland uitgegee en dra dus die verhaal van Afrikaans oor aan 'n groter leserspubliek.

Dit is nie verbasend dat die Linguistevereniging van Suider-Afrika sy Prys vir Taalwetenskap drie jaar na mekaar aan dosente van die departement toegeken het nie - aan proff Gouws, Combrink en Ponelis. Prof Combrink het in dié tyd ook die SA Akademie se Langenhovenprys ontvang.

Ook op die literêre akker word daar gewoeker. Die departement het twee digteresse, Lina Spies en Ronel de Goede (Foster), as dosente. Prof Spies het in die afgelope jare 'n digbundel (*Hiernamaals*, 1992) en 'n vakwetenskaplike werk (*Kolonnade*, 1992) gepubliseer.

Me De Goede het met haar debuut-digbundel, *Skoop*, die Eugéne Marais-prys van die SA Akademie verower, is ook benoem vir die CNA-prys en het die eerste ontvanger geword van die Elizabeth Eybers beurs ter waarde van R25 500.

Vier dosente, proff Combrink, Gouws en De Stadler en dr Ilse Feinauer, dien in die SA Akademie se Taalkommissie - prof Combrink as voorsitter en dr Feinauer as sekretaris. Prof Johan Smuts dien ook in die Akademie se Letterkundekommissie en het vanjaar in verskeie komitees gedien wat literêre pryse toeken.

Die departement is ook besonder aktief met vakwetenskaplike navorsing en met dosente se optredes by nasionale en internasionale kongresse asook navorsingsprojekte in die buiteland. Die dosente word gereeld as sprekers uitgenooi en vir die eerste keer behartig twee van hulle, proff Combrink en Gouws, twee taalrubrieke in Die Burger.

Die studie van Afrikaans word ook aantrekliker gemaak. Die departement doen herbeplanning en een vooruitsig is dat die studente vanaf volgende jaar hul kursusse volgens behoeftes en belangstelling kan saamstel. Daarby kom drie nuwe MA-kursusse vanaf 1995 - 'n eenjarige kursus ná honneurs, 'n tweejarige kursus ná 'n B-graad en 'n tweejarige kursus waarvan 'n gedeelte aan die Universiteit van Leiden in Nederland afgelê sal word.•

Stellenbosch becomes first CAMBRIDGE examination centre in SA

Stellenbosch University's English Department is the first South African examination centre for the University of Cambridge Local Examination Syndicate.

The Syndicate's tests are regarded as a yard-stick of proficiency in English as a second or foreign language. A Cambridge certificate is especially useful for opening doors to study at English-language universities world-wide.

There are approximately 2 500 such centres in 130 countries, including Namibia and Zimbabwe.

Certificates are issued at five levels of proficiency in English. Each examination consists of more than six hours of testing, including an oral test.

Tests are taken twice-yearly, in June and December. Cambridge sets the examination papers and the scripts are returned for marking.

The Cambridge Syndicate's involvement with Stellenbosch began earlier this year with a sponsorship of R27 900 to help finance the Department's academic support and development programmes. The support programme is intended for students throughout the university who want to improve their English, and the development programme is directed at high-school pupils from disadvantaged backgrounds. In return Stellenbosch was very pleased to agree to become an examination centre for the Cambridge Syndicate.

Mr Michael Jackson (right) from Cambridge during his recent visit to tie up arrangements with the Stellenbosch Department. With him are Mrs Marieken Swart and Dr Paul Edmunds.

Dr Carol Puhl-Snyman and Mrs Jenny Thompson have been appointed presenters of the programmes on the Matie campus. They will be encouraging their best students to write the Cambridge examinations.

About 120 students and high-school pupils are attending these programmes. The pupils are bussed in from Kaya Mandi and Jamestown for two 90-minute sessions a week.

The students come from a range of faculties, from Engineering to Theology. These students' home language is Afrikaans in most cases, but there are black students too and some foreigners - several Koreans who are doing theology. They all feel the need for a better knowledge of English - especially better reading skills.

Mrs Marieken Swart, a lecturer in the Department, is the Director of the Stellenbosch examination centre. One of her colleagues, senior lecturer Dr Paul Edmunds, was partly responsible for the Cambridge grant and the establishment of Stellenbosch as an examination centre.

He had met Dr Tyrell Smith, Deputy Chief Executive of the Syndicate, on a study visit to Cambridge some years ago. When Dr Smith visited South Africa earlier this year, he was invited to Stellenbosch and the Department's needs and objectives were discussed.

Mrs Swart called on the Cambridge Department when she travelled to Britain recently to present a paper at an Edinburgh conference. The testing resources of the Syndicate are of special interest to her because Stellenbosch has in mind a scheme to test the reading skills of university entrants whose school-leaving symbols are below a certain level. These students will be advised to join the academic support group so that they can improve their ability to study from English text books and other material. •

HOË BRIT kom kyk na navorsing oor tuberkulose

Die departemente Geneeskundige Fisiologie en Biochemie asook Pediatrie en Kindergesondheid is besig met groot navorsingsprojekte oor tuberkulose.
Die groep van prof Paul van Helden, direkteur van die Sentrum vir Sellulêre en Molekulêre Biologie in die Departement van Geneeskundige Fisiologie en Biochemie, bestudeer die molekulêre genetika van middelweerstandigheid en hulle gebruik ook die DNA-vingerafdruktegniek om die epidemiologie van tuberkulose onder die plaaslike bevolking te ondersoek.
Hierdie werk word in noue samewerking met die groep van prof Peter Donald in die Departement Pediatrie en Kindergesondheid gedoen. Die groep van prof Albertus Beyers bestudeer die gasheer-respons en hulle fokus op seinoordrag in T-limfosiete.
Die navorsing word tot 'n groot mate deur die "Action TB" program van die farmaseutiese firma Glaxo en die MNR befonds. Sir Mark Richmond, Glaxo se direkteur van navorsing, het die Fakulteit Geneeskunde vroeër vanjaar besoek. Hy is hier (middel) by proff Paul van Helden en Albertus Beyers.



Computer Science
involved in major research

An efficient, affordable and universal telecommunications infrastructure is essential for the economic and social advancement of a modern society. Stellenbosch University's Computer Science Department is actively involved in this field.

The department is a participant in two recently announced major research initiatives - to support communications systems research.

Both programmes were launched earlier this year - by the Foundation for Research Development (FRD) and by Telkom SA Limited. The department has received R290 000 in research funds from Telkom and the FRD this year.

Telecommunication is essential for economic and social progress

These funds are used to supplement the purchase of research equipment, to provide student bursaries, to bring academic visitors to the department and to fund staff and graduate students to attend conferences.

The FRD Communications Systems Programme is targeted at two development areas: Rural Communications and Network Technology.

The goal of the Rural Communications programme is to research cost effective methods of the widespread extension of South Africa's telecommunication networks into rural and low infrastructure areas. The Network Technology programme addresses research issues in the deployment of high speed integrated services (digital voice and data) telecommunication networks.

The Telkom Teletraffic Research Initiative aims to develop collaboration between Telkom and several South African universities in telecommunication network design and performance issues.

Twenty four MSc and six PhD students are currently registered in the department. One PhD student and nine MSc students are working on projects supported by the FRD and Telkom programmes. These projects address:

- the use of neural networks to achieve optimal call routing in telephone networks
- the development of mathematical models to study, firstly, the dynamic behaviour of traffic flows in communication networks; secondly, the performance of circuit reservation schemes in circuit switched networks; and thirdly, the performance of distributed systems consisting of many computers connected by a local area network
- methods to analyse and predict the performance of the common channel signalling network that is used to control the routing of calls through fixed and mobile telephone networks
- implementation of multimedia services which transmit voice, image and video data on low bandwidth networks
- the use of scientific visualisation techniques where colour, light, geometric shapes and animation are used to investigate the data carried by multimedia networks to determine the efficiency of multimedia services

The department of Computer Science is also a member of the FRD Manufacturing Technology programme and the FRD programme on Research Manpower in Computer Science. •

KLANKE in menslike kommunikasie nagevors

Prof Justus Roux en laboratorium-assistent me Natania Venter toets een van die apparate in die Fonologielaboratorium.

Die Navorsingseenheid vir Eksperimentele Fonologie (Nefus) is vroeër vanjaar in die Departement Afrikatale gestig. Dié nuwe eenheid spits hom toe op die klank-aspekte van menslike kommunikasie.

Nefus werk nie net interdissiplinêr nie, maar betrek ook kenners van ander universiteite. Hy skakel ook direk met die "Institut für Maschinelle Sprachverarbeitung" aan die Universiteit van Stuttgart in Duitsland.

Die navorsingswerk sluit nou aan by onlangse internasionale ontwikkelinge waarin daar probeer word om die aard van die menslike kommunikasieproses beter te kan verstaan deur op geïntegreerde wyse funksionele (fonologiese) en fisiese (fonetiese) verklarings vir klankverskynsels aan te bied.

In die praktyk beteken dit nie net 'n studie van die mens se intuïtiewe kennis van 'n bepaalde klanksisteem (die fonologie) nie, maar ook van die fonetiese eienskappe van die sisteem - die wyse waarop spraak fisies voortgebring word, hoe dit van die spreker na die hoorder oorgedra word, en hoe spraak uiteindelik waargeneem word.

Dit is 'n interdissiplinêre benadering en steun sterk op insig uit die Taalkunde, Spraakfisiologie, Akoestiek en Oudiologie.

Die eenheid is primêr gerig op 'n studie van verskynsels in die Afrikatale van Suider-Afrika, asook in Afrikaans en Suid-Afrikaanse Engels.

Naas navorsing spits die eenheid hom ook toe op die opleiding van jong navorsers. Gereelde werkwinkels en opleidingsessies word in die vooruitsig gestel op die kampusse van die US en die PU vir CHO.

Prof Justus Roux is Nefus se direkteur. Dit word gesamentlik deur die RGN se Sentrum vir Wetenskapont-wikkeling (SWO) en die Universiteit befonds. Datafusion, 'n onderneming wat in spraaktegnologie-toepassings spesialiseer, help ook om die eenheid te borg. •

Neem 'n MATIE aan

Een von die ernstigste gevolge von die volgehoue inflasiekoers in die afgelope twee dekades in Suid-Afrika asook die vermindering in staatsubsidie aan universiteite, is dat universiteitsopleiding vir die deursnee-landsburger moeilik bekostigbaar word. Selfs toppresteerders kry moeilik voldoende finansiële ondersteuning in die vorm van beurse en lenings.

Die US se vermoë om studente met beurse en lenings te help, is beperk. Daar kan nie aan alle verdienstelike studente se behoeftes voldoen word nie.

Aan die ander kant kan en wil baie mense in Suid-Afrika finansiële of ander ondersteuning soos akkommodasie aan individuele studente gee - kortom: "'n Matie aanneem".

In die gejaagde, komplekse hedendaagse samelewing kom dié wat kan help en dié wat hulp nodig het dikwels nie by mekaar uit nie. Die Universiteit wil graag in dié omstandighede as bemiddelaar optree. En die US het reeds etlike behoeftige meriete-volle studente geïdentifiseer wat so gehelp kan word.

Die Universiteit is in 'n posisie om die anonimiteit van skenkers en studente te waarborg, as dit verlang word. Donateurs se wense oor die mate van kontak met en terugvoering oor studente en hulle prestasies sal met die studente uitgeklaar word. Donateurs kan ook hulle voorkeure en voorwaardes oor die soort student, kursus en so meer stel. Skenkers en studente se privaatheid sal deurgaans geërbiedig word.

Deelname aan dié skema sal baie help om 'n gevoel van werklike meelewing te gee - in die vorming en uitbouing van 'n jong mens se lewe.

Belangstellendes kan met mev Wilma Roux, Afdeling Beurse en Lenings, US, tel (021)808-4627, in verbinding tree.

Survey involving 10 920 people finds...

'Appalling' dental hygiene among worker families

The "appalling state" of dental hygiene among Western Cape farm workers and their families is partly due to poverty and ignorance. This has emerged from a survey involving 10 920 people on 130 Boland farms. Twenty-three percent of them were found to have 28 or more teeth missing - and 17 percent had no teeth at all.

The University's Department of Community Dentistry undertook this study in collaboration with the Institute for Biostatistics of the SA Medical Research Council.

A comprehensive dental hygiene programme directed at mother and child has been suggested as the only way to contain tooth decay in the farm worker population of the Western Cape.

The survey found that 87 percent of all individuals needed dental work done on permanent teeth.

Possible reasons for such a high degree of tooth loss included tooth extraction for cultural reasons, a low value placed on retaining teeth, and the application of alternative treatments because proper dental care could not be afforded.

Isolation, poverty and ignorance were reasons found for farm workers being unable to use existing services.

The area covered by the study included Elgin, Stellenbosch, Paardeberg, Noorder Paarl, Simondium, and Wamakersvlei.

The greatest incidence of tooth loss was observed in Elgin. Here the number of teeth per person averaged 20. Only three percent of all six-year-olds showed no tooth decay. The largest proportion of active tooth decay was present in the age group 15 to 19 years.

Education level and transport

The average monthly income per family ranged between R177 and R286 excluding the cash value of free housing and foodstuffs received. Apart from the contribution of the farmer, workers generally had no organised medical aid.

The highest education level appeared to be standards two to six. Transport was also a problem: Most were dependent upon the farmer for transport to and from the nearest town.

The researchers also concluded that dental decay among farm workers and their families is high in comparison to developing and developed communities elsewhere in the world. To combat this trend preventive programmes, primarily aimed at mother and child, should be introduced. •

NATURE'S VALLEY / PLETTENBERGBAAI

Eko-Woud
natuurreservaat

Spesiale tariewe (uitsluitend Des. & April)

advert

Weeksdae R120 | Naweke & Skoolvakansies R140 | Langnaweke R180

per chalet per nag vir 4 persone

Slegs Natuurliefhebbers

• Hout chalets, ten volle toegerus • wandelroetes deur inheemse woud • naby einde van otterwandelpad • beperkte karavaan en kampeerplekke. • Stilte en rus.

Lushof vir voëlkykers

Verskeidenheid water- en woudvoëls, insluitend Narina Trogon, Knysna Loerie en blou Katakoeroe

tel: (04457) 48767
(021) 8813439
faks: (04457) 48689

Breakthrough technique can meet challenge

A major breakthrough technique in the treatment of tooth decay and caries can now meet the enormous challenge of dental care in the rural and urban disadvantaged areas of the Western Cape.

This technique is applied by staff of the Department of Community Dentistry at the University, in co-operation with the University's Clinics Organization, Uskor.

In areas where dental services are inadequate and electricity is not supplied, these drawbacks may be overcome by ART (Atraumatic Restorative Technique).

Decayed material is removed with an enamel chisel and excavators and after the cavity has been cleaned it is filled with a material consisting of glass-ionemer cement. This is a permanent material, which is regarded as the restoration material of the future.

The use of electricity is eliminated and no rotating hand instruments need to be used. The technique may be used in milk teeth and permanent teeth and in certain categories of disablement. Extractions are no longer necessary and another advantage is that Community Oral Health Workers can be trained to do this work. It is an application of the very important concept of Primary Oral Health Care. •

Ngubane se eerste besoek aan Maties

Dr Baldwin Ngubane, minister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie, was onlangs die gas van die Universiteit. Dit was sy eerste besoek aan 'n Afrikaanstalige universiteit in sy amp as minister en dit is deur die Afdeling Navorsingsontwikkeling gereël. Hy het enkele navorsingsprojekte besigtig en samesprekings gevoer oor navorsingsbeleid in die nuwe bedeling. Hier is dr Ngubane saam met proff Walter Claassen, Viserektor (Akademies), Christo Viljoen, Viserektor (Bedryf) en Andreas van Wyk, Rektor en Visekanselier.

PPS - Want mens weet nooit wanneer 'n ramp jou tref nie

PPS — Professionele Dekking Vir Beroepslui

Die beste siekte- en ongeskiktheidsvoordele, 'n belastingvrye enkelbedrag by aftrede, groeptermynlewensdekking, uittree-annuïteitplanne en Profmed — die mediese fonds uitsluitlik vir u geskep.

Alleenlik aan Gegradueerde Beroepslui beskikbaar.

Spring reg weg ... skakel PPS vandag.

PROTECTION PROVIDENCE PPS BESKERMING VOORSORG

Die Professionele Voorsieningsvereniging van Suid-Afrika
Posbus 1089
HOUGHTON 2041
Telnr: (011) 486-1088
Faks: (011) 486-2946

4581A

Reg vir die Ruimte

By die Ingenieursfakulteit word daar volstoom gewerk om Suid-Afrika se eerste mikrosatelliet vroeg in 1996 vanaf 'n Amerikaanse ruimtebasis in Kalifornië te lanseer. 'n M.Ing.-student, Rean Bootsma, een van die 30-tal spanlede van dié projek, vertel meer daarvan:

Verbeel jou! Sit die binnegoed van twee rekenaars, vyf radio's, tien modems en 'n elektroniese outoloods bymekaar. Voeg dan nog 'n verkyker, 'n lens-kamera, 'n TV-kamera, tien flitsbatterye, vier palmgrootte wieletjies en vier skinkbordgrootte sonpanele daarby. Jaag 'n span van ongeveer 30 jong ingenieurs en tegnici in en sê: "Reik na die sterre!" Na 'n jaar of twee se bedrywigheid kry jy ons eie mikrosatelliet - net so 'n bietjie groter as 'n appelboks!

Die plek waar al hierdie opwindende dinge gebeur, is die Elektroniese Stelsels Laboratorium in die Ingenieursfakulteit. Dié indrukwekkende projek het van 1991 tot nou ontwikkel vanuit 'n paar hope papier tot 'n byna-byna vliegbare Sunsat (ons satelliet se noemnaam).

Danksy al die bydraes van Grinaker, Plessey, Siemens, Altech, AMS, Houwteq, Eerste Nasionale Bank en die SNO kon ons 'n ingenieursmodel van Sunsat bou.

Dit het verseker dat Nasa vier afgevaardigdes gestuur het om te kom kyk of ons saam met hulle kan lanseer - Sunsat was maar een uit ongeveer 150 aansoeke by Nasa. Hulle was besonder beïndruk met Sunsat en die span, en die kanse is beter as 95% dat ons wel saam met Nasa sal lanseer!

Dink net, Suid-Afrika se eerste mikrosatelliet op 'n Delta II vuurpyl. Al dié aksie gaan in Januarie 1996 vanaf die Vandenberg Lugmagbasis aan die kus van Kalifornië geskied. Die beste van alles: dis gratis; ons moet Sunsat net betyds daar kry!

Wat maak Sunsat dan so spesiaal? Eerstens, Sunsat word plaaslik vervaardig, by die Universiteit van Stellenbosch.

Dit het 'n hoëresolusie-kamera aan boord wat driekleur-stereobeelde van enige plek op die aarde kan afneem - dit is die beste fotografie wat nog uit so 'n klein satelliet gedoen is. Vanuit die laagste punt in sy beoogde elliptiese wentelbaan (waarvan die hoogte wissel tussen 400km en 850km) sal 'n huis deur ongeveer twaalf stippels (*pixels* op 'n rekenaarskerm) vertoon word; amper so groot soos 'n vuurhoutjie se kop.

Sulke beelde is van onskatbare waarde vir stads- en streeksbeplanning, waterwese, kartografie en natuurbewaring. Tydens rampe kan noodleniging vinniger en beter gedoen word met behulp van sulke akkurate beelde.

Om sulke skerp beelde te kan neem, moet Sunsat baie goed kan mik en daarom het Sunsat 'n uiters akkurate beheerstelsel om die kamera te rig en stil te hou. Dié beheerstelsel is ook die beste wat al op 'n mikrosatelliet van dié kaliber gebruik is.

'n Gesofistikeerde radiostelsel maak die ander belangrikste deel van Sunsat uit. Hierdie radiostelsel maak dit moontlik om met 'n klein handradio via die satelliet te kommunikeer. Radio-amateurs sal onder andere ook deur middel van die pakket-kommunikasiestelsel Sunsat as 'n vlieënde posbus kan gebruik om inligting regoor die wêreld te stuur.

Mnr Sias Mostert, ontwikkelingsbestuurder van Sunsat, in die laboratorium waar die satelliet gebou word by twee studente wat aan die projek werk, mnre Marius Prinsloo en Johan Rossouw, en prof Garth Milne, die projekleier.

Dan is daar nog 'n GPS-ontvanger wat met behulp van ander satelliete Sunsat se posisie binne 60m akkuraat in die ruimte kan bepaal.

Die twee aanboord-rekenaars ('n '188 en 'n '386 met 64Mb geheue) verskaf ondersteuning en stoorplek vir die beelde en boodskappe. Hulle behartig die "huishouding" van Sunsat om te sorg dat die regte dinge op die regte tye gebeur.

En al dié wonderlike dinge pas in 'n aluminium-houer van 45 kubieke sentimeter, weeg slegs 60kg en sal sowat elke 100 minute om die aarde wentel.

Hoekom pak ons so 'n groot projek aan?

Die belangrikste doel is om ingenieurstudente aan te moedig om nagraads te studeer en hulle dan terselfdertyd waardevolle projekondervinding te gee. Sodoende lewer die Universiteit uitnemende ingenieurs aan die bedryf - reg vir gebruik.

Hoekom dan spesifiek 'n satelliet?

Min dinge gryp die verbeelding so aan soos die ruimte - 'n wonderlike geleentheid om die wêreld te wys Suid-Afrika kan! Boonop goedkoper en beter ook!

Dit sal ook die tegniese belangstelling by kinders prikkel en hopelik die jong ingenieurtjies in hulle wakker maak, want Suid-Afrika het nou ingenieurs nodig - meer as ooit tevore. •



Foto: Weekend Argus.

Prof Arnold Schoonwinkel (middel), finansiële bestuurder van die Sunsat-projek, by twee van die vier Nasa-ingenieurs wat in Julie 'n week op Stellenbosch deurgebring het om die projek te evalueer: me Marisa Achee, 'n struktuur-ingenieur van Nasa wat vir die inskakeling van Sunsat by Nasa se ruimte-lanseerprogramme verantwoordelik is, en mnr Mike Hallet, assistentbestuurder van Nasa se wentelbaan-lanseringsdienste.

Foto: Weekend Argus.

Mnr Darren Bedell, 'n ruimtesending-kenner van Nasa, tydens die Amerikaners se besoek aan Stellenbosch vroeër vanjaar.

Are you sure that you are making the most of your offshore financial resources?...

Tony Buckley has been managing Southern African clients' international funds for 14 years reporting to them personally during his frequent visits.

Complete confidentiality

Your portfolio managed professionally by successful offshore money advisers. The average annual growth achieved from a Medium Risk Sterling Portfolio during the past three years amounted to 19.33%*.

Low or no up-front charges, no tax deductions.

"Buy a home in Britain" service, with Bond finance.

Offshore trusts set up, bank accounts opened.

Client protection via professional indemnity insurance.

Tony and colleagues Pam Beith and Peter Gordon will be visiting South Africa again during February and March 1995.

For free advice on your offshore affairs, without obligation, respond NOW...

AJ BUCKLEY
ASSET MANAGEMENT LIMITED

Please send me more information ☐

Please contact me when visiting SA. ☐

Name

Address

Postcode

Tel. (home)

Tel. (work)

Fax. No.

Mail to: AJ Buckley Asset Management Ltd.
Robuck House, Brighton Road,
Godalming, Surrey GU7 1NS
United Kingdom

For instant service:
Fax to *0944 483 426 123*
or Telephone *0944 483 426 300*

** Source: A J Buckley Asset Management Ltd for the period ended 30/6/94. Past performance is not necessarily a guide to future success. The value of investments and the income derived from them can go down as well as up and the investor may not get back the amount originally invested.*

MTL/1

Akademiese ontwikkelingsprogramme gaan hulle help:

Danksy verskeie akademiese ontwikkelingsprogramme wat die Universiteit vanjaar ontwerp het, word universiteitstudie op Stellenbosch vanaf 1995 moontlik gemaak vir sowat 120 studente uit gemeenskappe met agterstande.

Sonder akademiese ontwikkelingsprogramme (AOP's) sou dié mense nie universiteitstoelating gekry het nie. Hulle kom meestal uit Bolandse bruin en swart gemeenskappe - en is almal vroeër vanjaar geïdentifiseer vir hul potensiaal om suksesvol aan die US te studeer.

Hulle word toegelaat om dadelik met graadkursusse te begin, maar 'n ekstra jaar word by elke kursus gevoeg - om die agterstande uit te wis wat in bepaalde rigtings op skool ontstaan het.

Die eerste jaar van graadstudie word dan oor twee jaar versprei en met die AOP deurvleg. Die studente behoort daarna toegerus te wees om kul kursusse normaalweg voort te sit.

Hulle eerste studiejaar gaan ook reeds die tweede week in Januarie begin - vier weke vroeër as vir die ander eerstejaars - met 'n intensiewe brugprogram in byvoorbeeld wiskunde, kommunikasie asook studie- en denkvaardighede.

Ondanks agterstande, kan sowat 120 Maties word

"In die praktyk beteken dit nie dat fakulteite voornemende studente gaan keur wat nie voldoen aan die US se minimum vereistes (soos vervat in die Jaarboek) nie" sê dr Ludolph Botha, Direkteur van die nuwe Afdeling Akademiese Ontwikkelingsprogramme wat vanjaar aan die US ingestel is.

"Die AOP behels buitengewone meganismes om akademiese tekortkominge uit te wis. Dit is bedoel vir jong mense wat vanweë die gebreke in ons skoolstelsels nie op skool toereikend in vakke soos wiskunde of rekeningkunde onderrig is nie."

Die drie belangrikste akademiese ontwikkelingsprogramme wat vanjaar geskep is, is vir kursusse in Ingenieurswese; Ekonomiese en Bestuurswetenskappe; en derdens die kursusse in Natuur- en Landbouwetenskappe, Bosbou asook Geneeskunde en Tandheelkunde.

Die Fakulteit Krygskunde het reeds sedert 1990 die inisiatief geneem om AOP's by hulle kursusse te integreer.

Ook in ander studierigtings kan Maties voordeel trek uit 'n aantal programme wat ontwikkel is, byvoorbeeld in rekenaar- en inligtinggeletterdheid; in Afrikaans vir nie-Afrikaanssprekende studente; en in Engels, veral vir studente en skoliere wat met handboek-Engels probleme ondervind (lees ook die berig op bl. 7).

Daar word ook programme beoog om studente uit agterstandsgemeenskappe spesifiek met hulle maatskaplike aanpassing te help. En hoewel die Universiteit (soos met alle Maties) nie vir elkeen 'n beurs of lening kan verskaf nie, word daar tog gepoog om hulp te verkry - veral deur die privaatsektor te oorreed om gekeurde studente uit agterstandgemeenskappe te help in die vooruitsig dat hulle mettertyd produktief in diens geneem kan word.

Ruim steun is uit die privaatsektor verkry om die AOP's se koste te bestry. Die Gencor Ontwikkelingstrust het onder meer 'n groot bedrag geskenk, hoofsaaklik vir die eerstejaars se onderrig- en verblyfkoste tydens die brugprogram aan die begin van die jaar. Nog groot skenkings vir die AOP's kan vroeg in die nuwe jaar verwag word.

o Akademiese Ontwikkelingsprogramme raak feitlik alle fasette van die Universiteit, sê dr Ludolph Botha. Dit verg nie net kursusaanpassings nie. "Ook sake soos werwing, keuring, toelating, beurse, koshuise en voorligting asook aanleg- en ander psigometriese toetsing is betrokke."

In die Afdeling se eerste bestaansjaar vanjaar was daar nie net deurlopende skakeling met die Universiteit se akademiese en administratiewe personeellede nie, maar ook met die breë studentegemeenskap op die kampus.

Die Afdeling skakel ook deurlopend oor AOP's met ander tersiêre inrigtings; in die Weskaap en oral in die res van die land. Buitelandse skakeling is ook vir dr Botha belangrik. Hy was vanjaar by vyf nasionale en twee internasionale kongresse en seminare wat met AOP's verband hou.

Dr Botha het onder meer op uitnodiging twee referate by 'n kongres in Oostenryk voorgedra. Daarna het hy Nederlandse en Britse universiteite besoek waar akademiese

►

ontwikkeling gedoen word - veral vir studente uit die eertydse kolonies en/of lande waar opvoedkundige agterstande 'n nadelige invloed op universiteitstudie het.

Hy en dr Kosie Smit was ook onlangs by die jaarvergadering van die *South African Association for Academic Development*, waarby die US deur die Afdeling geaffilieer is.

Dr Botha sê 'n uitdaging wat hom vanjaar telkens voorgedoen het, is "hoe om bestaande programme en inisiatiewe op die kampus in 'n groter, samehangende geheel in te dink."

Hy meen dit is baie belangrik "dat die Universiteitsmasjien genoegsaam gerat word om studente uit agterstandgemeenskappe (en veral mense met swak pretersiêre voorbereiding) so te akkommodeer dat hulle heelhuids en met goeie kwalifikasies anderkant uitkom.

"En om dit reg te kry sonder om enige standaarde te verlaag, is miskien die heel grootste uitdaging." •

Wiskundige by programme betrek

Dr Kosie Smit van die Departement Wiskunde is onlangs as Assistentdirekteur: Akademiese Ontwikkelingsprogramme aangestel, met die natuurwetenskaplike rigtings as sy spesifieke verantwoordelikheid.

Hy was sedert 1972 'n dosent in Wiskunde. Nadat hy B.Sc. en 'n honneursgraad (albei met lof) asook M.Sc. aan die US verwerf het, het hy in 1976 'n doktorsgraad aan die Rijksuniversiteit van Leiden behaal.

Sedertdien het hy vier lang buitelandse universiteitsbesoeke van tot ses maande elk afgelê - as navorsingsmedewerker en as besoekende medeprofessor of akademikus - aan die Universiteit van Aachen, die Arizona-staatsuniversiteit en (twee keer) in Zürich, Switserland. Hy het verskeie beurse en toekennings ontvang en hom veral met wiskunde-onderrig onderskei.

In sy nuwe pos kom sy ervaring van en betrokkenheid by die Instituut vir Wiskunde- en Wetenskaponderwys (Iwwous) se kursusse hom goed te pas - want hy is veral betrokke by die koördinering en die deurvoer van akademiese ontwikkelingsprogramme in die natuur- en toegepaste natuurwetenskappe.

Studente (én die voornemendes) uit gemeenskappe met agterstande het veral besonder groot leemtes op die wiskundige en natuurwetenskaplike terreine - en dit is juis hier dat die Universiteit nou met sy akademiese ontwikkelingsprogramme daadwerklik probeer om dié studente te help om suksesvol te studeer.

Dr Smit se vrou, Christine - wat ook 'n Oud-Matie is - is aan die Departement Algemene Taalwetenskap verbonde. •

By 'n inligtingsessie wat die Universiteit onlangs aangebied het om sy nuutste inisiatiewe rakende akademiese ontwikkelingsprogramme aan die hoofde van 'n aantal omliggende hoër skole bekend te stel, was

dr Ludolph Botha (naaslinks), die Direkteur van Akademiese Ontwikkelingsprogramme, en mnre Japie Charles, Justin Newman en Averill Cornelissen.

Ook by dié inligtingsessie was mnr Leon van den Heever, 'n Oud-Matie wat onlangs as skakelbeampte: Skoleskakeling in die Afdeling Openbare Betrekkinge aangestel is, twee van die besoekende skoolhoofde, mnre Cecil Cupido en Nicky Ceasar, asook die organiseerder van die sessie, mnr Pieter Abels, nog 'n Oud-Matie wat ook onlangs by die Universiteit aangestel is, as skakelbeampte: Studentesake.

Lees is die grondslag van alle vakke in die onderwys.

BC

Ongelukkig ontwikkel baie kinders nie van hul vroeë skooldae af 'n liefde vir boeke en vir lees nie. Die boeke waarmee hulle leer lees, het baie hiermee te make. Onder leiding van twee dosente, mevv René Viljoen en Annatjie Hanekom, het die Sentrum vir Onderwysontwikkeling (Senous) in die Fakulteit Opvoedkunde 60 Afrikaanse leesboeke ontwerp wat baie kan help om beginnertjies se leeslus en boeke-belangstelling te prikkel.

Dié leesmateriaal, Ster Stories, leesboeke vir die eerste skooljaar, is onlangs vrygestel. Dit volg 'n heeltemal nuwe benadering tot aanvangslees en is gegrond op deeglike navorsing wat mevv Viljoen en Hanekom vir Senous gedoen het.

Nege ervare kinderboekskrywers is vir die ontwikkeling van Ster Stories ingespan en 37 erkende Suid-Afrikaanse kunstenaars het gesorg vir die pragtige volkleurillustrasies wat dwarsdeur elke boekie gebruik is.

Die reeks is "kultuurvriendelik". Skrywers en illustreerders van elke Suid-Afrikaanse bevolkingsgroep is ingespan om dit te skep.

Boonop word daar ook spesifiek voorsiening gemaak vir kinders wat nie voorskools aan die wêreld van lees en boeke blootgestel is nie - en dit sluit die grootste deel van die land se bevolking in.

Juta Opvoedkundige Uitgewers het ruim fondse verskaf waarmee Senous die projek ontwikkel het, en het die 60 boeke uitgegee.

Met dié nuwe benadering word wegbeweeg van die geykte leesreekse na die lees van "regte kinderboeke". Dit is motiverende leesstof wat die kleintjies prikkel om meer te wil lees, en so leessukses verseker, sê René Viljoen.

"Dit sluit aan by die leefwêreld van die beginnerleser van vandag," sê mev Marina le Roux, hoof van Iskemus (die Inligtingsentrum vir Kinderlektuur en -Media, US). Sy meen dit kan "'n totale rewolusie in aanvangslees tot gevolg hê."

René Viljoen grond haar doktorale studie op die navorsing wat sy vir dié projek gedoen het. Sy en Annatjie Hanekom is albei dosente in die Departement Ortopedagogiek en Buitengewone Onderwys.

Dié twee dosente, in samewerking met mev Hanlie Kotze, 'n deeltydse navorser by Senous, werk nou aan 'n wenkeboek om onderwysers te help om die reeks ten beste te benut.

Senous se navorsing met sub A-leerlinge by 'n aantal skole op en naby Stellenbosch wat meestal uit "boekarmoedige" ouerhuise kom en nie voorskoolse stimulering gehad het nie, toon dat hulle baie gou al opvallend leesgierig is.

"Lees is soos fietsry; hoe meer jy dit doen, hoe beter doen jy dit en hoe graagter wil jy daarmee aanhou," sê Ulla Schreuder van Juta. Lees word nou nie meer by die kleintjies "ingedril" nie; dit word pret, 'n ontdekkingstog. Saam met praat, luister en skryf word lees deel van 'n geïntegreerde taalbenadering.

Verskeie kriteria is met die skep van die leesreeks neergelê. Drie van die kriteria is: Daar moet 'n voorspelbare storie wees, daar moet herhaling voorkom en die prente moet help om die storie te vertel.

Die boeke is meerdoelig. Dit is nie net beperk tot aanvangs- en ondersteuningslees nie, maar is ook uitmuntend geskik vir reme-diëring, vir tweede taal onderrig asook vir immigrante en nuut-geletterdes.

'n Multi-dissiplinêre span wat naas die skrywers en illustreerders ook dosente, onderwysers, bibliotekarisse en uitgewers insluit, het die leesmateriaal ontwikkel.

Dit is gegrond op gesonde opvoedkundige beginsels en op buitelandse navorsing - veral in die Engelssprekende wêreld. In Brittanje byvoorbeeld was ongeletterdheid skokkend hoog, totdat uigediende leesreekse met aantreklike, goeie kinderboeke vervang is. "Reading with real books" het die slagspreuk geword. En in Nieu-Seeland is soveel vordering gemaak dat ongeletterdheid daar uitgeroei is.

Mev René Viljoen

Mev Annatjie Hanekom

Mev Hanlie Kotze

Senous se navorsing het egter duidelik laat blyk dat 'n eg Suid-Afrikaanse benadering vir Afrikaanse boeke ontwikkel moes word.

Die moontlikheid word nou ondersoek om Ster Stories in

OEKE

WAT KINDERS **LIEF** MAAK VIR LEES

Xhosa en ander Afrikatale te vertaal. Daar word ook gedink aan ander Afrika-tale soos Swahili. Ulla Schreuder van Juta sê daar is reeds belangstelling vir inheemse weergawes van Ster Stories uit Zimbabwe en Kenia.

Soortgelyke leesboeke gaan volgende jaar vir Sub B ontwikkel word en Senous hoop om daarna (met Juta se steun) ook leesboeke vir standerd een te ontwikkel. •

SKOOL SONDER MURE

help honderde

Vir honderde hoërskoolleerlinge van Stellenbosch en omliggende dorpe is Saterdagoggende ook skooltoegaantyd. Dan stroom hulle na die Matiekampus vir klasse om hul agterstande vanweë die onderwysverlede te help uitwis.

Die klasse word sedert Mei 1993 in die BJ Vorster-gebou op die kampus aangebied. Dit het ontstaan vanweë die onrus ná mnr Chris Hani se dood en die onderwysers-stakings wat baie van dié skoliere, hul ouers en van die onderwysers genoop het om Uskor, die Universiteit se welsynsorganisasie, te vra om ekstra klasse te reël.

'n Senior soölogiestudent (links) wys 'n uitstalling in die Universiteit se John R Ellerman-soölogiemuseum aan twee biologieleerlinge tydens vanjaar se winterskool.

Selfs toe daar skoleboikotte was, is dié klasse by die US nie ontwrig nie. Tot 250 skoliere woon dit gereeld by. Hulle kom van die hoër skole Kaya Mandi, Mfuleni, Desmond Tutu, Mbekweni en Wallacedene (by Stellenbosch, Blackheath, Paarl, Wellington en Kuilsrivier). Leerlinge van standerd agt tot tien woon die klasse by - van nege- tot eenuur elke Saterdag. Dit kos R5 vir die hele jaar - hoewel die skoliere hul eie bus- of treingeld moet voorsien.

'n Weeklange winterskool is verlede jaar en vanjaar aangebied om die Saterdagklasse verder aan te vul.

Mnr Phakamile Banjwa, 'n skoolhoof van Kaya Mandi op Stellenbosch, sê die leerlinge wat die Saterdag- en winterskole bywoon, het 'n besliste voorsprong bo dié wat nie gaan nie.

Hy skryf ook die sukses van sy skool se matriekuitslae einde verlede jaar direk toe aan die Saterdag- en winterskole. Sy hoër skool - wat in 1993 die eerste keer 'n matriekklas gehad het - se matriekslaagsyfer was 84% - teenoor die 38% landwyd.

Me Wina du Plessis, wat die projek namens die Kaya Mandi Trust en Uskor organiseer, vertel hoe geesdriftig die leerlinge is om hulle skoolopleiding deur middel van dié bykomende klasse aan te vul.

Agt eksamenvakke - waaronder wiskunde, skeinat en biologie - word aangebied. Dit word van vanjaar af aangevul met Latyn (aangebied deur dr Jo-Marie Claassen van die Departement Latyn) en beroepsvoorligting (aangebied deur dr Johann Meyer van Sielkunde).

Dr Claassen is ook Xhosa magtig en gebruik die vrywillige Latynklasse om die skoliere met hul agtergrondkennis van Engels te help en om hul woordeskat in al drie dié tale uit te brei. "Hulle is baie geesdriftig en tot 100 leerlinge daag op 'n slag vir dié klasse op."

Spesiale sorg word gegee aan Engels as kommunikasietaal in die skoolverband - want baie van die skoliere kan nie hul kennis van skoolvakke in Engels oordra nie.

Soos in alle samelewings met agterstande het dié skoliere ook 'n groot behoefte aan beroepsvoorligting. Hulle kry onder meer inligting oor studiemetodes, studiebeurse, ens.

Daar word gestreef na klasse wat so klein as moontlik is - nie meer as tien tot twintig leerlinge per onderwyser nie. Volgens leerplan word al die vakke behalwe Afrikaans en Xhosa in Engels onderrig.

Goed opgeleide onderwysers van verskillende skole word betrek om die klasse teen vergoeding aan te bied. Me Lydia Burger van Uskor werf vrywilligers onder die US se HOD-studente om sonder vergoeding met die klasse vir standerd agt en nege te help. Vir dié Maties is dit nie net goeie onderwyservaring nie maar hulle word ook verryk deur hul betrokkenheid by die onderwyssituasie van swart kinders.

Die mobiele eenheid wat die Universiteit van Wes-Kaapland vir sy uitreikprogramme gebruik, die US se taallaboratorium en een van sy rekenaargesteunde onderriglokale asook 'n kunsprojek is ingespan om die skoliere smiddae sinvol besig te hou.

Sowat R150 000 per jaar is nodig vir die Saterdag- en winterskoolklasse. Daar word hard gewerk om dit uit verskillende bronne in te samel, vertel me Du Plessis. Geld en arbeidskrag is die hoofrede waarom daar nie voldoen kan word aan versoeke uit die bruin gemeenskappe om soortgelyke hulp vir hul skoliere nie.

Die projek verg baie opoffering van die organiseerders en almal wat by dié "skool sonder mure" betrokke is, sê me Du Plessis. "Maar dit is alles die moeite werd, want dis 'n belegging in geesdriftige en toegewyde jong mense vir wie onderwys 'n erns is." •

Standbeeld vir Craven kom op Coetzenburg

Die Rugbyvoetbalklub Stellenbosch gaan 'n standbeeld van dr Danie Craven op Coetzenburg oprig. Dit sal onthul word terwyl die Wêreldbeker-rugbytoernooi volgende jaar in Suid-Afrika gehou word.

Om Dok Craven se nagedagtenis paslik te huldig, sal al die vele fasette van sy lewe met die oprigting en onthulling van die standbeeld in ag geneem word.

Die Wêreldbeker-toernooi bied die geleentheid om reg te laat geskied aan die statuur wat dr Craven in die internasionale rugbywêreld gehad het. Al die lande wat hier kom deelneem, sal by die standbeeld-projek betrek word.

Op 23 Mei speel 'n spesiale internasionale span, verteenwoordigend van die 15 ander spanne wat saam met Suid-Afrika hier deelneem, teen 'n SA Uitnodigingspan op Coetzenburg. En dié aand word 'n groot dinee op Stellenbosch gehou - soos die een met Dok se tagtigste verjaardag in Oktober 1990.

Die SA Rugbyraad en die verskillende Suid-Afrikaanse unies kan ook dié aand aan dr Craven hulde bring as die jare lange verteenwoordiger van SA Rugby.

Natuurlik word hy ook gehuldig deur die Universiteit van Stellenbosch en die Rugbyvoetbalklub Stellenbosch - wat so 'n deurweefde deel van dr Craven se lewe was. En die beeld word opgerig op Coetzenburg - wat vir soveel jare Dok se "tuiste" was. Sy verbintenis met Matierugby het gestrek van 1929 tot sy dood in Januarie verlede jaar.

Rugbyliefhebbers - en Oud-Maties - dwarsdeur die land gaan betrek word by funksies wat voor die een op Stellenbosch in al die verskillende provinsies aangebied sal word.

Noord-Transvaal en die WP speel reeds op 20 Februarie in 'n spesiale huldigingswedstryd teen mekaar. Dr Craven was die eerste kaptein van 'n Noord-Transvaalse span, het ook vir WP gespeel, en het deur Stellenbosch vir jare lank 'n verbintenis met WP-rugby gehad.

"Met die standbeeld-projek wil die Rugbyvoetbalklub Stellenbosch graag aan die hele Suid-Afrika én aan die internasionale rugbywêreld die geleentheid gee om hulde aan dr Craven se nagedagtenis te bring," sê mnr Dawie Snyman, Rugby-organiseerder van die US. •

Kwadruplegiese sportster

'n toonbeeld van vasbyt

"Stellenbosch bied soveel geleenthede dat ek net besluit het om die beste van my omstandighede te maak."

Aan die woord is die 26-jarige Wentzel Barnard, 'n Oud-Matie wat sedert hy in 1990 as kwadrupleeg ernstig begin swem het, die SA en wêreldrekord in die 25 m rugslag en vryslag verbeter het. Dié wêreldrekord is weens die sportisolasie waarin Suid-Afrika was, nie erken nie.

Wentzel was 'n lid van die SA span wat onlangs in Malta teen 40 ander nasies in die wêreld swemkampioenskapsbyeenkoms vir gestremdes meegeding het.

Hy het in 1984, terwyl hy loskopstut vir die o.16A-span van die Paul Roos Gimnasium gespeel het, sy vyfde en sesde nekwerwel beskadig en in die proses sy motoriese senuweestelsel ernstig beskadig. Sy hande en bene is totaal verlam, maar hy het steeds die gebruik van sy arms en sensoriese senuweestelsel in sy ledemate. "Ek was vyf en 'n half maande lank in die Conradie Hospitaal en moes van voor af leer loop en skryf," vertel Wentzel. Iemand wat 'n ingrypende verandering in se lewe gebring het, is Corné Rossouw van die Departement Menslike Bewegingskunde.

Wentzel Barnard op kantoor by sy nuwe werk

"Sowat 'n jaar na die besering het Corné my genader om te vra of ek nie daarin sou belangstel om te begin swem nie. Sy was betrokke by sport vir gestremdes en aangesien ek self 'n aktiewe sportlewe gelei het, het ek die kans aangegryp. Ek het nooit weer teruggekyk nie en een van my mikpunte is die Para-Olimpiese Spele in Atlanta in 1996," het Wentzel vertel.

Omdat hy nie veel krag in sy arms het nie, spits Wentzel hom op rugslag en vryslag toe. Hy het elke jaar by die SA kampioenskapsbyeenkoms vir gestremdes sy tye verbeter en is die rekordhouer in die 25 m en 50 m rugslag.

Dié Oud-Matie, wat vanjaar sy M.Comm. aan die US met 'n tesis oor "Rolstoeltoeganklikheid van vyf bekende Kaapse toeriste-attraksies" behaal het, glo 'n mens moet altyd positief bly.

In Oktober vanjaar het hy nog 'n "rekord" behaal toe hy as die Universiteit se eerste kwadruplegiese werknemer aangestel is - as die hoof van kopieërdienste in die Afdeling Kommersiële Dienste. •

Superatlete

Okkert Brits & Elana Meyer

is Sportman en -vrou van 1994

Superatlete Okkert Brits en Elana Meyer is die US se Sportman en Sportvrou van die Jaar. Hulle was die enigste Suid-Afrikaanse goue medaljewenners by die onlangse Wêreldbeker-byeenkoms in Kanada.

Elana het die sportvrou-toekenning gekry vir haar uitmuntende atletiekprestasies in die afgelope maande. Sy het die SA Marathonrekord verbeter en is sodoende derde op die wêreldranglys in dié afstand geplaas. By die Statebondspele het sy 'n silwer medalje in die 10 000 m verower - die hoogste prestasie deur 'n Suid-Afrikaanse atleet.

By die Wêreldbeker-byeenkoms in Kanada het sy die goue medalje in die 10 000 m gewen. By die Wêreldhalfmarathonkampioenskapsbyeenkoms het sy die goue medalje gewen, wat haar die eerste Suid-Afrikaanse atleet in die geskiedenis gemaak het om 'n wêreldtitel te verower. Sy het ook onlangs die wêreld se beste tyd in die 5 km-wedloop aangeteken.



Okkert Brits het sy eie SA en Afrika-rekord by agt geleenthede oortref en ook met 19 cm op sy persoonlike beste hoogte van 5,71 tot 5,90 meter verbeter. Hy klop onder andere die legendariese wêreldrekordhouer, Bubka, en reken ook met die eerste vyf atlete op die wêreldranglys af.

Brits is by die SA Atletiekkampioenskapsbyeenkoms (Baan en Veld) as die beste atleet aangewys. Hy het Suid-Afrika by die Statebondspele en Afrika by die Wêreldbekerkampioenskapsbyeenkoms verteenwoordig. By lg. was hy en Elana Meyer die enigste Suid-Afrikaners wat goue medaljes verower het.

Die ander finaliste vir die Maties se Sportvrou-toekenning was Sherylle Calder (hokkie), Elsmarie Louw (tweekamp), Henriëtte Müller (judo) en Karen Schimper (tennis). Die mansfinaliste was Bennie Liebenberg (hokkie), Frikkie Malan (kanovaart), Colin Sanderson (gholf) en Fritz van Heerden (rugby). •

Rugbyklub lewer nog 2 Bokke



Matie-rugby het vanjaar twee Springbokke, Nico Wegner en Fritz van Heerden, opgelewer. Daarmee het die Stellenbosch Rugbyvoetbalklub se getal Springbokke tot dusver op 140 te staan gekom.

Wegner het reeds verlede jaar as slot teen Frankryk sy toetsdebuut vir Suid-Afrika gemaak. Vanjaar het hy in al drie die toetse in Australië teen die Wallabies gespeel. Hy het reeds in 23 wedstryde vir WP uitgedraf en in die Suid-Afrikaanse afseisoen speel hy rugby in Italië.

Die flank Fritz van Heerden word as een van die Springbokke se "groot vondse" van-

jaar beskou. Hy het in albei die toetse teen Engeland gespeel asook in die derde toets teen die All Blacks in Nieu-Seeland. Sy lengte en beweeglikheid gee aan hom besondere moontlikhede vir die komende Wêreldbekerreeks. Hy het reeds 18 wedstryde vir WP gespeel en was een van die steunpilare wat vir die transformasie in WP-rugby gesorg het.

o Met sy 1 200 spelers is die Stellenbosch Rugbyvoetbalklub steeds die wêreld se grootste.

Agt Matie-spanne het vanjaar in die WP se ligas gespeel. In die senior en junior afdelings het hulle deurgaans 'n hoë peil gehandhaaf.

Die koshuisklubs het vanjaar 47 spanne opgelewer, wat in drie afdelings meegeding het. Die koshuiskompetisies bly gewild onder die Maties en die speelpeil was weer hoog as 'n mens in ag neem dat koshuisspanne steeds met gemak senior klubspanne kan klop.

o Die Danie Craven Stadion op Coetzenburg gaan met die komende Wêreldbeker-reeks sy eerste internasionale toetswedstryd aanbied - dié tussen Australië en Roemenië (Die Internasionale Rugbyraad beskou dié stadion as een van die mooistes ter wêreld.) •

Tennisspelers vaar baie goed

Die US Tennisklub het weer 'n baie goeie jaar agter die rug. Die Maties het uitstekend gevaar in die WP- en Boland-ligas en by die SA Universiteite-toernooi in Julie vanjaar is hulle vir die tiende jaar na mekaar as die algehele wenners aangewys.

Die eerste mans- en vrouespanne was die WP se eerste liga-wenners van 1993, en met die ter perse gaan hiervan was albei spanne steeds onoorwonne. Die Matie-vroue mik nou vir hul agste agtereenvolgende titel en die mans vir hul vierde.

Daar is vier manspanne in die WP- en twee in die Boland-liga. Vier vrouespanne ding in die WP-liga mee en een in die Boland-liga.

By die SAU-toernooi einde verlede jaar was die Matie-mans en -vrouespanne die wenners - die mans vir die sewende en die vroue vir die vyfde keer. Al vyf die Matie-vroue in die toernooi en drie van die mans is ook as die beste spelers in hul posisies aangewys en vier Maties is vir die SA Studentespan gekies.

By die SAU-toernooi in Julie vanjaar het die mans toe die agste en die vroue die sesde agtereenvolgende keer gewen. Vier van die vyf vrouespelers en twee mans is as die beste in hul posisies aangewys. •

Tweekamp

'n Matie-tweekampatleet, Elsmarie Louw, was kaptein van die Springbokspan wat vroeër vanjaar Europa toe was. Sy het twee goue medaljes gewen - op 'n internasionale byeenkoms in Switserland en by 'n byeenkoms teen Hongarye

By die byeenkoms in Bern, Switserland, was sy die algehele wenner nadat sy tweede in die swem was en die 2 000 m landloop gewen het. Sy het 20 ander deelnemers uit Italië, Duitsland, Nederland, Hongarye en Suid-Afrika uitgestof.

Met die Suid-Afrikaners se deelname teen Hongarye se nasionale span was sy derde in die swem en eerste in die landloop, en het sy haar beste puntetotaal tot dusver behaal.

Hokkie

Twee Matie-hokkiespelers, Sherylle Calder en Megan Dobson, was ingesluit in die SA span wat in die tweede kwartaal aan die Vyfnasie-toernooi in Argentinië deelgeneem het en later in die jaar ook na Nederland, Duitsland en Engeland getoer het. Hulle was ook albei in die SA span wat vroeër vanjaar 'n toetsreeks teen Australië gespeel het. Sherylle Calder is vir die derde toets teen die Aussies as Speler van die Wedstryd aangewys.

'n Manslid van die Matie-hokkieklub, Bennie Liebenberg, is ook vir die nasionale span gekies. Hy is as plaasvervanger gekies om vir die Sewe Nasies Toernooi by die SA span in Nederland aan te sluit. Bennie is slegs die derde Matie wat as student vir die nasionale span gekies is. •

Sierswem

Nog 'n Matie-sportvrou wat vanjaar goed presteer het, is Nicola Upton, wat as 'n lid van die SA Sierswemspan aan die Wêreldbeker-kampioenskapsbyeenkoms in Rome deelgeneem het.

Pluimbal

Die Maties se eerste pluimbalspan was vanjaar weer die wenners van die Boland se Super- asook Gewone liga. Hulle het die Gewone liga sedert 1989 elke jaar gewen en die Superliga - behalwe vir verlede jaar - elke jaar sedert 1985. Stellenbosch II (die derdespan) was vanjaar die Boland se Tweede Superliga-wenners. •

IN MEMORIAM

Matieland het met leedwese verneem van die heengaan van die volgende US-personeellede, Oud-Maties, Maties en andere wat 'n verbintenis met die Universiteit gehad het:

Kapt Liezel Blacquiere (30) van Melkbosstrand; B.A. (1984); het in die Paarl gematrikuleer; was aan die Polisie se Kaapse streekhoofkantoor verbonde.

Dr JJ Blom (46) van Keimoes; M.B., Ch.B. (1973).

Mev Miriam Blommaert (gebore Bosman) (74) van Newcastle, voorheen Oos-Londen; B.A., SOD met lof (1939, '40); was feitlik haar hele loopbaan as onderwyseres verbonde aan dieselfde skool as haar man, Oud-Matie Barry Blommaert, wat sy in hul Matie-studentedae ontmoet het en 52 jaar mee getroud was.

Mnr Johan Bruwer (76) van die Strand; B.Comm. (1938).

Mnr SG Cloete (52) van Eldoraigne, Verwoerdburg; B.Sc., B.Ing. (1968).

Mnr Iwan de Kock (19); 'n B.Comm.-eerstejaarstudent en inwoner van Eendrag wat saam met sy pa, van Wonderboom, Pretoria, in 'n vliegongeluk dood is.

Mnr Reuben du Plessis (85) van die Strand; B.A., LSOD (1930); was lank skoolhoof op Despatch, Ooskaap; 'n broer van die Stellenbosse komponis en afgetrede US-musiekdosent dr Hubert du Plessis.

Mnr Michael J Fisher (19), 'n eerstejaar-B.Econ.-student en inwoner van Helshoogte, wie se ouers op Nuweland in Kaapstad woon.

Mnr Etienne Geldenhuys (23) van Bellville; B.Econ. (1992); wat as rekenmeester op Stellenbosch gewerk het.

Mnr Ulrich Gerryts (86) van Stellenbosch; B.A., SOD (1931, '33); was 'n onderwyser en later 'n dosent op Heidelberg, Transvaal; het as kinderboekskrywer naam gemaak.

Mnr Pieter JC Grobler (35) van Loevenstein, Bellville; B.A. LL.B. (1979, '82).

Mev Marie Hagen (gebore Meynhardt) (63) van Riversdal; B.Sc., SOD (1952); oud-Monicaner wat 'n lid van die Maties se eerste hokkiespan was; was getroud met Oud-Matie Niel Hagen (M.A., 1951).

Mej Letitia Hoffmann (24) van Kuilsrivier; B.Comm. (1990).

Mev PP James (40) van Kwamagxaki, Port Elizabeth; 'n M.A.-student in Afrikatale.

Mnr Albert Jooste (47) van Bloemfontein; 'n bestuurskonsultant; B.Comm. (1967); 'n oud-Dagbreker wat as eerstespan-senter vir die Maties gespeel het.

Mnr Alwyn P le Roux (66) van Harrismith; 'n siviele ingenieur; B.Sc.Ing. (1949).

Mnr George Marais

Mev Mimsie Smit

Dr Frikkie Snijman

Mnr Jan Lötter (100) van Franschhoek; B.Sc. en 'n onderwysdiploma (1920, '22); was in 1922 een van Dagbreek se eerste inwoners; het ook in Nederland en die VSA gestudeer; was tot sy aftrede in 1954 onderwyser op Philippolis in die Vrystaat en het sedertdien op sy geboorteplaas buite Franschhoek gewoon.

Prof JHN Loubser (73) van Randburg; B.Sc., M.Sc. met lof (1940, '42); was ook 'n oud-Ikey en het 'n doktorsgraad aan Oxford behaal; was deur die jare met verskeie navorsingsbesoeke aan die Columbia-universiteit in Amerika, die Universiteit van Jerusalem en Oxford; was departementshoof by die UOVS en het in 1983 as hoof van Wits se fisikadepartement afgetree; was ook deeltyds aan Unisa verbonde.

Mnr George V Marais (91) van Stellenbosch; afgetrede hoofbibliotekaris van die Universiteitsbiblioteek; was tot sy aftrede in 1967 altesaam 42 jaar aan dié biblioteek verbonde; het in 1925 in die ou CL Marais-bibliotheek-gebou begin werk en het die oprigting van die Carnegie-biblioteek-gebou in 1938 asook die omvangryke uitbreidings daaraan in die vyftigerjare meegemaak; het B.A. met lof, M.A. in Latyn en H.S.O.D. in die twintigerjare aan die US behaal; waarna hy die eerste Suid-Afrikaner geword het om 'n graad in die bib-

lioteekkunde te behaal, aan die Columbia-universiteit in Amerika.

Dr Charles Morkel (66) van die Strand; wat in 1954 'n spesiale student in Opvoedkunde aan die US was; het 40 jaar in die Strand as dokter gepraktiseer; het vir WP rugby en vir Boland tennis gespeel en 'n stadion in die Strand is deur sy bemoeienis opgerig en na hom vernoem.

Mnr Charl J Nel (85) van Stilbaai; B.- en M.Sc.Agric., SOD, M.Ed. (1930, '32, '33, '36); was onderwyser op Upington, superintendent van staatsnedersettings en tot 1976 vir meer as 20 jaar superintendent van die Kakamas-besproeiingskema; 'n pionier van pekanneutverbouing langs die Benede-Oranje waar hy tot 1992 geboer het; was met Oud-Matie Joey Ballot getroud.

Skoutadm. JR (Dick) Nortier, SM, MBE (79) van Gordonsbaai; deeltydse senior lektor in meganiese ingenieurswese, US, 1972-'86; het baie gehelp om toerusting en geriewe vir marine-ingenieursopleiding in dié departement te vestig; ook baie gehelp met die departement se skakeling met die Vloot en skeepsrederye; het baie bygedra tot die destydse kursus wat talle marine- en skeepsbou-ingenieurs gelewer het; het in die Tweede Wêreldoorlog met onderskeiding gedien en daarna kursusse in Brittanje voltooi; was 'n baie kleurryke weermag-ingenieursoffisier.

Mnr PH (Flip) Oosthuysen (61) van Port Elizabeth; B.A. (1955); was as Matie 'n lid van oom Pietie le Roux se boereorkes asook van die eerste tennisspan en die Joolkomitee; was 'n redaksielid van Die Volksblad (Bloemfontein) en o.m. nuusredakteur van Die Oosterlig (Port Elizabeth) en was van 1975 tot sy aftrede in 1992 aan die skakelafdeling van die UPE verbonde.

Mev Lida Orffer (30) van Stellenbosch; B.A., HOD (1984, '85); 'n hoërskool-onderwyseres; is saam met haar man, twee kinders en bediende in hul huis vermoor. Sy was 'n kleindogter van die Oud-Matie-digter Uys Krige.

Dr J Pieter Pieterse (75) van Stellenbosch; B.A. (1940); is daarna aan die UP as tandarts opgelei en het ook in Skotland verder gestudeer; het van 1951 tot sy aftrede in 1986 op Bethlehem gepraktiseer.

Mnr Dewald Pretorius (25); 'n B.Sc.-finalejaarstudent, wie se ouerhuis in Pinetown, Kwazulu/Natal, is.

Prof DG (Dawie) Roux (74) van Hermanus; SOD (1942); Afgetrede hoof van UOVS se chemie-departement en hoof van 'n SNO-navorsingseenheid; 'n pioniernavorser oor tannien; het aan die Rhodes-universiteit gestudeer en buitelandse navorsingsbesoeke aan Harvard, Heidelberg en Cambridge gebring.

Mnr Gavin H Slater (28); 'n B.Ing.-student en inwoner van Helshoogte wat van Sandton afkomstig was.

Mev Daleen M Scheffler (gebore Ackermann) van Somerset-Wes; B.A., S.O.D. (1957,'58).

Mev Mimsie Smit 82) van Stellenbosch; B.Sc. in Huish., SOD en M.Sc. in Huish. (1934, '35, '73); van 1942 tot haar aftrede in 1977 'n dosent in die Departement Huishoudkunde; was 'n stigterslid van die SA Vereniging vir Dieet- en Huishoudkunde, en vir 21 jaar Stellenbosse VLV-voorsitster.

Mnr PC Smit (38) van Middelburg, Oos-Transvaal; Hons.B. (B. en A.) (1989).

Dr FJ (Frikkie) Snijman (79) van Stellenbosch; SOD (1938); 'n afgetrede hoofredakteur van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) wat aan die US gesetel is; was tot einde 1980 altesaam 33 jaar aan die WAT verbonde - 18 jaar as hoofredakteur; en voor sy aanstelling daar in 1948 was hy 'n jaar 'n dosent in Afrikaans en Nederlands aan die US; het ook aan Rhodes gestudeer voordat hy in 1938 vir sy doktorale studie Nederland toe is, waar hy deur die Nazi-besetting tot aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog vasgekeer is, sy studie onder moeilike omstandighede moes voltooi en lank moes "onderduik" om nie as arbeider Duitsland toe gestuur te word nie. Onder sy hoofredakteurskap het dele V en VI van die WAT verskyn en is heelwat van deel VII voltooi.

Mnr Volker Trümpelmann (55) van Hermanus, voorheen van Welgemoed, Bellville; B.Sc., B.Ing. (1962).

Ds JT van Schalkwyk (63) van Maclear, Ooskaap; B.A. (1953) en sy opleiding aan die Kweekskool (1957); was sedert 1958 'n sendeling in die Ooskaap, o.m. op Cofimvaba en Maclear/Dyoki.

Mnr Dirk van Papendorp (77) van die Strand; B.Agric. met lof (1938); was bestuurder van die Koringraad.

Mnr Reep Verloren van Themaat (47) van Stellenbosch; B.Sc., B.A. (1967, '70).

Dr JB van Zijl (62) van Stellenbosch; B.A., M.A. met lof (1951-'55) asook Kweekskoolopleiding; waarna hy aan die Hebreeuse Universiteit en die Sweedse Teologiese Instituut in Jerusalem studeer en 'n doktorsgraad in Lund, Swede, behaal; was gedurende 1956-'61 NG sendeling op Cofimvaba, Transkei; tot 1966 bedien hy NG lidmate in Wes-Europa; en vanaf 1967 was hy aan die UPE, verbonde, waar hy o.m. dekaan van lettere en wysbegeerte was; vanaf 1977 was hy professor in Semistiek aan die UWK en in 1981 besoekende professor by Unisa; en vanaf 1984 direkteur van manuskripte en publikasies by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Mnr HC (Hent) Viljoen (91) van Graaff-Reinet; wat in die twintigerjare in die landbouwetenskappe aan die US gestudeer het; waarna hy 42 jaar aan die Hoër Volkskool, Graaff-Reinet verbonde was en as onderhoof afgetree het; het daarna buite dié dorp geboer. Onder sy duisende oudleerlinge is die nyweraar dr Anton Rupert, die teoloog dr Beyers Naudé en die bankier mnr GT Ferreira. Mnr Viljoen was die pa van prof Christo Viljoen, die Viserektor (Bedryf).

Mnr WCJ Vivier (56) van Brackenfell, Kaapse Skiereiland; B.A. en nagraadse diploma in Voorligtingsielkunde (1958, '74). •

nou KWV-vlieënde boer

"Sing van die Wyn en drink op die Lied"

So lui dié leuse van die wynlandgoed Weltevrede by Bonnievale in die Robertson-distrik waar die derde geslag Jonker nou boer - Lourens Jonker, 'n Oud-Matie wat vanjaar die KWV se voorsitter geword het.



Hy is slegs die vyfde voorsitter in die KWV se 76 bestaansjare.

Lourens Jonker het in 1961 met 'n B.Agric.-graad in Wynbou en Biochemie aan die US afgestudeer. In 1962 onder-neem hy 'n uitgebreide studiereis na Kalifornië se wyngebiede, waar hy 'n sertifikaat by die Universiteit van Kalifornië in Davis behaal. Hy bekyk ook wynbou in Europa en sluit hom daarna by sy pa op Weltevrede aan.

Twee buurplase is later bygekoop en in 1974 is Weltevrede as landgoed geregistreer. Dit was die eerste om landgoedwyn in die Breëriviervallei direk aan die publiek te bemark, het die eerste Gewürztraminer in die vallei geproduseer en was die eerste in die streek wat witwyn in houtvate verouder het.

In 1976 het die landgoed Suid-Afrika se eerste gesertifiseerde rooi muskadel geproduseer en sy 1977 Muscat de Hambourg dessertwyn was die eerste soortgelyke een in die land.

Deur die jare is talle toekennings en medaljes verower en die landgoed blink gewoonlik uit by streeks- en nasionale wynskoue. By 1992 se Veritas Toekennings het Weltevrede se ses inskrywings drie gesogte dubbele goue medaljes asook twee silwer en een brons verower.

Mnr Jonker, 'n oudburgemeester van Bonnievale, dien sedert 1981 in die KWV se direksie - vanaf 1990 as ondervoorsitter. Hy dien ook in die Wyn- en Spiritusraad asook verskeie maatskappydireksies.

Na sy verkiesing het hy gesê dit is vir hom baie belangrik dat die KWV 'n sleutelrol met sosio-ekonomiese ontwikkeling in die wynbedryf moet vervul; dat die opvoedkundige en sosiaal-opbouende waarde van die gebruik van wyn steeds beklemtoon word; en dat die verantwoordelike gebruik van die produk verder uitgebou word.

Lourens Jonker ry graag met sy bergfiets deur die wingerde op sy landgoed. Hy hou ook van stap en seil - en gholf as daar tyd is. Maar sy groot liefde is vlieg, self agter die stuurstang van sy eenmotorige vliegtuig waarmee hy gereeld sake-afsprake oral in die land nakom.

Dié belangstelling kom van ver af, toe hy na matriek (aan die Hoërskool Jan van Riebeeck, Kaapstad) vir vrywillige militêre diensplig Lugmag toe is, vir 'n leerling-vlieënierskursus gekies is en in 1957 sy vleuels verwerf het. Hy was tot 1984 'n lid van die Burger-mag en het gevorder tot bevelvoerder van 110 Eskader met die rang van kommandant.

Musiek is nog 'n liefde in sy besige lewe. Van skooldae af is hy 'n kranige trekklavierspeler. Hy deel sy musiekbelangstelling met sy vrou, Annemarie, wat op haar dag klavierlesse by Lamar Crowson in Kaapstad geneem het.

En musiek pas mos by hulle landgoed se leuse...

o Die Jonkers het drie kinders, Anien (wat B. in Huishoudkunde op Stellenbosch behaal het), Eza en Philip, 'n tweedejaar-Matie wat, soos sy pa destyds, ook in die Wynkunde studeer. •

Wynmaker maak wêreldnaam

Om die titel as die wêreld se beste wynmaker en die gesogte Pichon Longueville Comtessa de Lalande-trofee in te palm, is 'n eer waarmee min mense kan spog.

Iemand wat kán, is Beyers Truter, 'n Oud-Matie, gewese onderprimarius van Pieke, rugby-afrigter en nou wynmaker van die Kanonkop-landgoed buite Stellenbosch.

In 1991 is hy as die wêreld se voorste wynmaker aangewys en vanjaar is sy Paul Sauer 1991, 'n rooi versnitwyn, as die beste wyn by die internasionale Mondial Wyn- en Spiritualieë-kompetisie in Brussel, België, bekroon.

Maar spog oor sy prestasies is nie deel van Beyers se lewenstyl nie. "Die sukses van Kanonkop se wyne, veral sy Pinotage, deur die jare is hoofsaaklik toe te skryf aan die insig van Paul Sauer, oorspronklike eienaar van die plaas, en die aanlê van die wingerde op die regte plekke op die landgoed. Die kombinasie van die regte grond en mikroklimaat is die hoofredes vir die sukses van Kanonkop se wyne," sê hy.

Oor sy Pinotage is hy egter nie min trots nie en meen dat dit juis dié kultivar se sukses is wat Kanonkop op die wêreldwynkaart geplaas het.

"Pinotage is vroeër as die swartskaap van wyne beskou.

→

Toe ons Pinotage egter in 1990 by die Onafhanklike Wynmakersgilde se veiling bykans R70 per bottel behaal het, het die mense regop begin sit en hierdie wyn met ander oë beskou.

As student het hy baie waarde geheg aan die studentebedrywighede en hy is veral baie trots op sy lang verbintenis met die Pieke-privaatwyk. "Vir my was die betrokkenheid by die koshuisbedrywighede en die aktiwiteite van die huiskomitee van Pieke van my waardevolste ondervindings."

Gedurende 1990-'93 het hy dié koshuis se eerste rugbyspan afgerig, nadat hy in sy studentedae self ook vir dié koshuis gespeel het, en hy is onlangs as die president van Pieke se rugbyklub aangewys. - **Danie Keet**

Rekenmeester presteer in **VSA**

Mnr Hannes Swart wat B.Rek, sy honneursgraad en M.Rek. (alles met lof) gedurende 1988-'92 op Stellenbosch behaal het en nou in Atlanta, Georgia, in die VSA woon, het in die Amerikaanse kwalifiserende rekenmeesterseksamen onder die 100 bestes gevaar uit die sowat 70 000 kandidate wat die eksamen afgelê het - en sy uitslae was boonop die tweede beste in die staat Georgia. Hy is 'n Swellendammer en is getroud met Oud-Matie Ilse de Kock wat van De Doorns af kom, saam met hom op Stellenbosch gestudeer het en B.Sc., honneurs en M.Sc. behaal het.

Amerikaanse wêreldkenner

'n Oud-Matie wat in Amerika as professor afgetree het en 'n wêreldkundige oor tandheelkundige biomateriale is, prof Hugo Retief, is tot Junie 1995 vir 'n jaar as ereprofessor aan die US aangestel. Prof Retief is 'n afgetrede professor in tandheelkunde aan die Universiteit van Alabama. Na hy in 1944 M.Sc. in Chemie op Stellenbosch verwerf het, is hy aan Wits as tandarts opgelei. Hy woon sedert 1977 in die VSA. Met 'n onlangse besoek aan die Fakulteit Tandheelkunde het hy lesings vir voor- en nagraadse studente gegee en voortgesette professionele opleiding aangebied. Hy was ook by die fakulteit se navorsing betrokke.

HY LEI anestesioloë

Dr Hannes Loots van Port Elizabeth is die 51ste nasionale president van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Anestesioloë en die eerste Oud-Matie wat dié eer te beurt val. Hy het M.B., Ch.B. (1968) en M.Med. (Anaes.) in 1977 aan die US behaal. Van 1971 tot 1974 was hy 'n huisarts op Stellenbosch en sedert 1979 praktiseer hy as anestesioloog in Port Elizabeth. Dr Loots, 'n oud-Eendragter, is getroud met Oud-Matie Sarita Minnaar (B.A., 1966). Hulle het twee seuns, waarvan die oudste, Hanri, 'n derdejaar-regstudent op Stellenbosch is.

Princetonse **teoloog** bekroon

Oud-Matie prof Wentzel van Huyssteen van die Princeton-kweekskool in Amerika het vir sy pioniersnavorsing twee gesogte toekennings van die Templeton-stigting ontvang.

Eerstens is sy kursus oor "Die Nuwe Fisika in teologiese perspektief" se sillabus een van vyf in die teologie en wetenskap van oor die hele wêreld wat elk met 'n prys van 5000 dollars bekroon is. Prof Van Huyssteen is boonop die enigste kweekskooldosent wat so vereer is.

Sy studente bestudeer die denke van hedendaagse fisici en ondersoek vraagstukke soos "Hoe het die heelal ontstaan?" en "Wat is tyd en ruimte en hoe hou dit verband met ons begrip van God?"

Daarby het die Templeton-stigting onlangs 'n prys van 2000 dollars aan prof Van Huyssteen toegeken vir sy intreerede by Princeton: oor hoe Teologie en Wetenskap verskil en oorvleuel.

Hy is die eerste bekleër van die James I McCord-leerstoel in teologie en wetenskap - vernoem na een van dié kweekskool se vorige hoofde en die eerste leerstoel van dié aard in Amerika.

Prof Van Huyssteen meen wetenskaplikes wat in die verlede op die abstraktheid van die teologiese denke gewys het, erken nou die beperkinge van wetenskaplike kennis. "Daar is 'n bewustheid dat daar buite die grense van wetenskaplike kennis iets gebeur. Wetenskaplikes was enkele jare glede nog die hoëpriesters van ons kultuur. Maar nou weet fisici dat hul teorieë nie alles in die heelal kan verklaar nie. Hulle kan beslis nie God wegverklaar nie."

Die LLB-klas van 1958

het op Stellenbosch reünie gehou. Die reüniegangers was (voor) Paul Schoon (prokureur in Pretoria), Nick Müller (prokureur in Bellville) en Neil Rossouw (lid van die Goldstone-kommissie) asook (agter) Solly Leeman (professor, Universiteit van Kaapstad), Johan Potgieter (prokureur op Rustenburg) en Wouter Jordaan (prokureur op Kuruman). Twee van die destydse 13 klaslede, Koos Kamfer en Jaap Traut, is oorlede. Die ander vyf wat nie die reünie kon bywoon nie, is David Lombard (regter in Bloemfontein), Fanie Cilliers (senior advokaat in Johannesburg), Hein Heese (afgetrede diplomaat), Hennie Otto (prokureur op Ermelo) en Tubby Dugard (professor by Wits).

Nerina

Sowat 180 mense van oor die land was by Nerina se onlangse reünie. Mev Laetitia Rabe, wat vanjaar finaal uittree nadat sy sedert die koshuis se ontstaan in die sestigerjare die inwonende hoof was, is hier (middel voor) by tien van die oud-primariae. Hulle is (voor) Laetitia Botha (née Greeff) en Lizette Botha (Visser) asook (agter) Emay Louw (le Roux), Hendrine Kriel (de Wit), Rennie Rose-Innes (Basson), Ilse Hanekom, Sandra Loubser, Marelise de Villiers, Liesel van Niekerk (Pauw) en Nicola van Rooy.

Foto: Eikestadnuus

Namibië

By 'n Oud-Matie-saamtrek vroeër vanjaar op KEETMANSHOOP was Harley Drukker, Oskar (Hampie) Plichta, voorsitter van dié Oud-Matiebond-bestuur, en Johan Fechter, direkteur van Openbare Betrekkinge, US. En by 'n wildbraai wat die Oud-Maties op MARIENTHAL gehou het, was Leslie van Wyk, Johan en Barenda Pretorius, Erik van der Merwe, Hendrik Meyer, Pieter Hamilton (agter), Igno Siebert, Wessel van Wyk, Dries Vermeulen en Rudolph Liebenberg.

Porterville

Prof Bun Booyens, President van die Konvokasie en die geleentheidspreker by dié saamtrek, is hier (naaslinks) by Jacques Louw, dr Wim de Klerk, Joa Louw en Lana du Plessis.

Fraserburg

Mev Anna van Schalkwyk by prof Martin Hattingh, die Dekaan van Landbouwetenskappe wat die geleentheidspreker op Fraserburg se Oud-Matiereünie was.

Caledon

Links bo: Mense van verskeie omliggende dorpe het Caledon toe gery vir 'n reünie waar die Viserektor (Bedryf), prof Christo Viljoen (regs), die geleentheid-spreker was. By hom is Emmie de Kock van Hermanus en Jan Solnis van Riviersonderend.
Bo: Adri Beyers (links) en Jan van Deventer, albei van Riviersonderend, en Marié de Wet van Caledon het al drie saam in 1972 B.Comm.-grade verwerf. Marié en Adri was boonop saam in Lydia.
Links: Van die ander Caledonners wat by dié saamtrek was, is Annekie Theunissen, Marianne van der Merwe en Karin Lambrechts

Upington

Die Rektor en Visekanselier, prof Andreas van Wyk (regs), die eregas by die saamtrek wat in die derde kwartaal op Upington gehou is, by Gert Aggenbach, L Visser, AB Malan en Wilna Vermeulen.
Regs bo: Van die jongeres onder die sowat 100 Oud-Maties by die saamtrek in die Tegniese Kollege-saal op Upington: Wessel Visser asook René en Gawie Steyn.

Klub reël reünie

Die US Perdryklub gaan in Februarie 'n reünie hou om die klub se 20ste bestaansjaar te vier. Oudlede wat dan weer 'n slag saam met ou vriende wil perd ry, kan hul name en adresse stuur aan: US, Perdryklub, p/a Elizabeth van Wyk, East Lynne 22, Die Laan, Stellenbosch, 7600.

Sasolburg

Die Oud-Maties op Sasolburg het 'n sjampanje-ontbyt by 'n vakansie-oord langs die Vaalrivier gehou, gevolg deur 'n bootrit op die rivier. Onder die reüniegangers was Carel en Cara Steyn en Charles Duckitt.

Eeufeesviering

As deel van sy eeufeesviering in 1995 reël die Departement Geologie 'n reünie-vleisbraai op 4 April by die US-kantoor in Rooseveltpark, Johannesburg. 'n Feesspreker sal van nuwe ontwikkelinge in die departement vertel. Ander hoogtepunte van die eeufeesjaar is 'n konferensie in November op Stellenbosch, 'n eeufeespublikasie en (deur die jaar) 'n uitstalling by die departement. Navrae: Departement Geologie, tel (021)808-3219.

PERSONEEL PRESTASIES

Prof Michael Bariska van die Departement Houtkunde het 'n eredoktorsgraad van die Universiteit van Sopron in Hongarye ontvang - vir sy buitengewone bydrae op die gebied van navorsing en opleiding en ter erkenning van sy hoë internasionale aansien onder wetenskaplikes - veral op die gebied van die houtkunde. Hy is ook vereer vir sy bydrae tot nouer samewerking tussen Suid-Afrika en Hongarye.

Prof Marius Leibold van die Departement Ondernemingsbestuur is onlangs met 'n prestige-toekenning van die International Management Development Association vereer vir die voortreflikste referaat wat op die derde jaarlikse kongres van dié liggaam in Penang, Maleisië voorgedra is.

Die Dekaan van Natuurwetenskappe, prof Fritz Hahne, het as president van die SA Instituut vir Fisika onlangs die instituut se gesogte De Beers Goue Medalje vir Fisika ontvang. Dit word net elke twee jaar toegeken. Prof Hahne is vanjaar met studieverlof in Duitsland, maar was in Suid-Afrika om die eerbewys op die instituut se jaarkongres in ontvangs te neem.

Twee dosente van die Bestuurskool (USB) het onlangs toekennings vir uitsonderlike prestasies ontvang. Mnr Gideon Maas (links), hoof van die Sentrum vir Entrepreneurskap, is vereer vir die beste referaat op die vierde internasionale konferensie oor Entrepreneurskapopvoeding en -opleiding in Stirling, Skotland. Sprekers van Wes- en Oos-Europa, Noord- en Suid-Amerika, Nieu-Seeland, Australië, Asië en Afrika het deelgeneem. Prof Linda Human het 'n merietetoekenning vir uitmuntendheid op die gebied van Menslike Hulpbron-ontwikkeling ontvang. Die toekenning, in die vorm van 'n sertifikaat, is erkenning vir die prestasies van 'n buitengewone individuele bydrae op dié gebied.

Die Amerikaanse Institute of Electrical and Electronic Engineers (IEEE) het prof Ian Cloete (Departement Rekenaarwetenskap) tot senior lid verkies - 'n eer wat net agt persent van die IEEE se meer as 320 000 lede te beurt val. Die IEEE verleen sy senior lidmaatskap op grond van gehaltenavorsing. Prof Cloete is 'n navorsings-medewerker van prof Jacek Zurada van die Universiteit van Louisville in Kentucky, wat reeds twee navorsingsbesoeke aan prof Cloete op Stellenbosch gebring het.

Dr Piet Claassen, 'n dosent by Stads- en Streekbeplanning, is die Suid-Afrikaanse Instituut vir Stads- en Streekbeplanners se nuwe president. Die SAISS se nagenoeg 1 200 lede sluit die meeste van Suid-Afrika se professionele stads- en streekbeplanners in.

Prof Anton van Niekerk, hoof van die Departement Filosofie en direkteur van die Sentrum vir Toegepaste Etiek, se referaat by die onlangse "10th World Congress on Medical Law and Ethics" is deur 'n internasionale keurkomitee aangewys as een van die 20 bestes uit die meer as 250 wat gelewer is. Hy het 'n prys van 1 000 dollars hiervoor gekry.

Dr Marietjie Herselman van die Departement Menslike Voeding in die Geneeskunde-fakulteit het op die sewende internasionale kongres oor "Nutrition and metabolism in renal disease" in Stockholm, Swede, die internasionale toekenning ontvang vir die beste voordrag deur 'n dieetkundige.

Dr Paul Brink van die Departement Interne Geneeskunde is as lid van 'n uitgesoekte groep wetenskaplikes genooi om - namens sy groep - onlangs in Boston in die VSA 'n bydrae op 'n internasionale simposium te lewer. Hy het reeds internasionale aandag op hom gevestig met sy voortreflike navorsing, wat toegespits is op die genetiese afwykings in Suid-Afrikaanse gesinne wie se hartsiekte skielike afsterwe kan beteken.

Prof Niel du Plessis (Departement Toegepaste Wiskunde) het die gesogte Acacia-toekenning ontvang vir die beste artikel wat die afgelope twee jaar oor die praktyk van hoër onderwys in die SA Tydskrif vir Hoër Onderwys gepubliseer is. Die toekenning is in Kaapstad op die tweejaarlikse kongres van die SA Vereniging vir Navorsing en Ontwikkeling in Hoër Onderwys aan hom gedoen.

Prof Hennie Viljoen, senior direkteur van die US Biblioteekdiens, is by die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingswese (Saibi) se nasionale konferensie vir twee jaar as Saibi-president aangewys. Die Instituut (voorheen die SA Biblioteekvereniging) bestaan al 64 jaar, het meer as 2 000 lede en is die oudste en grootste beroepsvereniging vir biblioteek- en inligtingswerkers in die land.

Die International Geranium Society wat in Pasadena, Kalifornië gesetel is, het prof Adrie van der Walt van die Departement Botanie tot ere-lewenslid verkies. Dit is gedoen uit erkenning vir sy uitsonderlike reeks werke "Pelargoniums of Southern Africa" waarvan drie volumes gedurende 1977-'88 verskyn het.

Toekenning bevorder onderrig

Prof Andreas van Wyk (naaslinks voor) by die eerste tien ontvangers van die Rektorstoekenning vir Voortreflike Onderrig. Hulle is (voor) prof Sakkie Pretorius, mev Joan Roux en dr Edwin Hees; (middel) prof Tom Park, dr Charl Cilliers, mnr Johan Uys en prof Niël le Roux; en agter me Mary-Ann Kemp asook proff Johannes de Wet en Peter Wrantz.

Die Universiteit het tien van sy dosente uitgesonder as die eerste ontvangers van die Rektorstoekenning vir Voortreflike Onderrig. Dit sal voortaan jaarliks toegeken word om voortreflike onderrig aan die US te bevorder.

Dié eerste tien ontvangers is mev Joan Roux (Departement Wiskunde), me Mary-Ann Kemp (Algemene Taalwetenskap), proff Tom Park (Departement Didaktiek, Fakulteit Opvoedkunde), Sakkie Pretorius (Mikrobiologie), Johannes de Wet (Rekeningkunde), Niël le Roux (Statistiek) en Peter Wrantz (Anatomie en Histologie, Fakulteit Geneeskunde), drr Edwin Hees (Engels) en Charl Cilliers (Opvoedkundige Sielkunde asook Ortopedagogiek en Buitengewone Onderwys) asook mnr Johan Uys (Toegepaste Wiskunde).

Die toekenning bestaan uit 'n bedrag wat die ontvanger vir akademiese doeleindes kan gebruik, soos om onderrigmateriaal te ontwikkel, om infrastruktuur op te bou of om in Suid-Afrika of in die buiteland akademiese besoeke af te lê.

Prof Andreas van Wyk, Rektor en Visekanselier, het die toekenning aan die eerste tien ontvangers verleen nadat hulle gekies is uit 'n lys name wat uit verskillende fakulteite van die US voorgelê is.

Hulle is onder meer gekies op grond van die kursusmateriaal wat hulle aanbied; enige aanvullende onderrigmateriaal wat hulle gebruik soos videoprogramme, rekenaargesteunde onderrigmateriaal, skyfies, transparante, ens.; studenteterugvoerverslae oor hulle; en ander bewyse van hul vernuwende werk of navorsing oor onderrig. •

Klub vereer Kanselier

Die Klub van Oud-SR-voorsitters van die US het op sy jaarvergadering 'n goue medalje en 'n oorkonde aan die Kanselier, dr Jan van der Horst, oorhandig - uit erkenning vir sy lang en toegewyde diens aan die Universiteit. Hier ontvang hy (links) die toekenning van ds Tobie de Clerck, die klub se ondervoorsitter.

Dit is die vierde keer dat die klub sedert sy ontstaan in 1984 so 'n toekenning verleen. Die vorige ontvangers was wyle prof JG ("Gans") Meiring, 'n US-ouddosent en latere rektor van die UWK, wyle dr Danie Craven en prof Mike de Vries aan wie dit kort na sy aftrede as US-rektor verlede jaar toegeken is.

Dr Van der Horst was SR-voorsitter in 1942, die jaar toe hy met LL.B. cum laude aan die US afgestudeer het. Vanaf 1972 was hy 'n lid van die US-Raad en vanaf 1982 ook voorsitter daarvan. Hy het in 1988 Kanselier geword en is verlede jaar vir 'n tweede vyfjaar-termyn in dié amp verkies.

Onder die eerbewyse wat dr Van der Horst reeds ontvang het, is 'n medalje vir bedryfsleiding van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, twee eredoktorsgrade (van Unisa en die US) en die Orde vir Voortreflike Diens (klas Goud).

"Behalwe 'n mens se werk om jou brood te verdien, moet ons elkeen ook iets doen wat geen finansiële gewin vir jouself inhou nie. Dit bring 'n noodsaaklike balans in jou lewe." Dié siening weerspieël die lewensfilosofie van prof Frans Grotepass, hoof van die Departement Kaak-, Gesig- en Mondchirurgie. Hy het nie net naam gemaak as die "herbouer" van gesigte nie, hy peuter ook baie bedrewe aan motorenjins - en in die stilte lewer hy as Rooikruisvlieënier 'n noodsaaklike naastediens.

Maar hy praat nie graag oor homself nie en LEONORE VAN DER WALT moes vindingrykheid aan die dag lê vir dié onderhoud met Tandheelkunde se

Tandehande, sieketrooster en "Mechanic"

Sy pragtige voskopvrou, Marié, 'n apteker wat ook as kunstenaar naam gemaak het, het dit so bewimpel dat ek een Saterdagoggend by hulle huis met hom kon gesels. Met die intrapslag het hy weggeval met: "Ek wil niks oor myself geskryf hê nie. Ek hou niks van publisiteit nie. Ek doen my ding op my manier en basta!"

'n Man wat hom glad nie steur aan die foefies soos deur die samelewing voorgeskryf nie.

Maar hy is besonder lief vir mense en vir gesels en daar is so 'n paar baie sagte plekkies in sy mondering. Aanhou wen het gehelp en stadigaan het hy tog die een en ander laat val - oor sy groot liefde vir studente en jong mense, en sy onversadigbare drang om met sy hande te werk.



Die hande wat reeds talle mense se gesigte oorgemaak het, nuutgemaak het. Ook talle motors weer aan die loop gekry het.

Daardie hande wat nie fyngebeend is en slanke chirurgiese vingers het nie, maar sterk, praktiese hande wat vasvat. Net soos hy die lewe met soveel oorgawe kan vasvat.

Prof Frans het 'n passie vir sy medemens - en dit bring nog 'n baie sagte plekkie in sy mondering ter sprake - sy vrywillige diens aan die Internasionale Rooikruis. Hy is 'n gekwalifiseerde vlieënier, met die hoogste kwalifikasies wat in Suid-Afrika en selfs in Amerika behaal kan word. Hy het 3 217 vliegure agter die blad, al die tegnieke op eie houtjie instudeer en die vliegure ook in sy vrye tyd ingepas.

Sedert 1980 is hy aktief betrokke by die Rooikruis. Vra 'n mens hoeveel tyd hy aan dié naastediens bestee, sug sy tweede oudste dogter, Ankia ('n derdejaar-argitektuurstudent) "ure, dae, jare lank", nog voor pa kon antwoord.

Hy kry darem sy sê in: "Daar is verskillende maniere waarop 'n mens jou tiende kan gee - geld is die minste daarvan - om van jouself te gee, dit is géé."

Sedert 1980 het hy 228 Rooikruisvlugte onderneem, enige tyd van die dag of nag. Dié Rooikruismanne doen 'n liefdesdiens agter die skerms, waarvan min weet, en hulle ook min oor praat. Dit gaan om die liefde vir die saak en nie oor die persoon van die vrywilliger nie. Mense uit alle denkbare beroepe is hierby betrokke.

Die vraag kom onwillekeurig op: Watter gevalle op sy Rooikruispad het hom die meeste geraak? Dan kom die antwoord wat ruk, en ook die prof se oë vol trane laat skiet: rugbybeseerdes.

Daar is min pasiënte wat hom so ontstel, erken hy, as 'n jong skoolseun wat op 'n Saterdagmiddag vir sy skool se span uitdraf - en die aand by die Conradie-hospitaal afgelaai word, verlam vir die res van sy lewe. Die skrum het in mekaar gesak en die jong seun, met sy lewe wat voor hom lê, se nek is gebreek.

Sy twee seuns, Fanna en Jan, in matriek en in st 9, mog

nooit aan 'n rugbybal geraak het nie. Maar dit is mos 'n godsdiens in ons land, en met godsdiens peuter jy nie.

'n Oorvol lêer, vol briefies en kaartjies, genaamd die "Liefde en Haat" lêer, nougeset op datum gehou deur sekretaresse Kobie Groenewald, vertel die ander kant van Frans Grotepass se persoonlikheid wat nooit uit sy mond gehoor sal word nie - die liefdevolle sieketrooster, die chirurg wat omgee, wat nie aan "pasiënte" sny nie, maar aan "mense opereer," die vriend wat pasiënte van lank terug onthou met blomme of geskenke wanneer hulle trou of babas kry - of met sy teenwoordigheid wanneer hulle begrawe word. Heelwat van sy pasiënte is ook kankerlyers.

Van sy jong pasiëntjies skryf hulle dankie aan die dokter met prentjies. Een is van 'n vliegtuig, met die opskrif "Airwolf" en 'n "baie dankie" onderaan - 'n Rooikruis pasiëntjie. Die boodskap wat in al die briefies baie duidelik deurkom, is: "Dankie. Dankie vir alles wat dokter vir my gedoen het."

'n Ma skryf van haar dogter wat hom mis, hy wat 'n vader en 'n vriend vir haar kind geword het. "Dankie vir die pragtige voorbeeld wat u stel van maksimum mens wees," skryf 'n pasiënt.

Een van die briefies vertel sy eie verhaal. "Baie dankie prof, dat u my gesig weer aan my gegee het en daardeur ook my lewe aan my teruggegee het." En 'n ander: "Vir die laaste 30 jaar kon ek nie 'n appel eet nie. Nou kan ek weer."

Nog een, gerig aan "dr Groeteplass" lui: "Ek was altyd te bang om te glimlag, want dan sien die mense my lelike tandvleis. Nou word ek 'smiley' genoem."

Van Worcester skryf 'n klein seuntjie: "Dankie vir die operasie. My tande kan makliker toesluit. Ek kan nou deur my neus asem. Ek hou van my gesig."

En les bes: "Baie dankie vir u tyd en vriendelikheid om na my Renault se enjin te kyk."

Dit weet almal by Tandheelkunde. As die nood druk, die enjin wil nie vat nie en daar is geen ander uitweg nie, dan word die prof maar gevra. Hy ken van motorenjins, dit is nie altemit nie. Van kleintyd af stel hy belang in masjinerie en die regmaak daarvan. As 'n mens so lank in iets belangstel en daarmee peuter, leer jy naderhand hoe dit werk, sê hy!

Ankia laat weer van haar hoor. "Pa kon net sowel ingenieurswese geswot het." Haar ouer suster, Maia, is 'n elektrotegniese ingenieur en Fanna se kop staan ook ingenieurswese toe.

Dan is daar natuurlik die baie spesiale Porsche wat by die huis staan. Dertig jaar gelede nuut gekoop. Hy en 'n student (ja, in tandheelkunde) is besig om die pragstuk heeltemal uitmekaar te haal, wat oud en stukkend is, te vervang en wat dof is, blink te vryf en weer aanmekaar te sit.

En die "haat" van die "Liefde en Haat" lêer? Daar is net een brief in die lêer, van prof Grotepass self, wat hy aan die provinsiale owerheid geskryf het oor 'n onvriendelike verkeersinspekteur. As dít "haat" is... •

32

kry toekennings

vir 800 jaar by die US

Die Universiteit het onlangs toekennings verleen aan 32 personeellede wat elkeen minstens 'n kwarteeu by die US werk. Hulle het saam minstens 800 diensjare by die US agter die rug!

Prof Christo Viljoen, wat as wnd. Rektor en Visekanselier die toekennings vir 'n kwarteeu diens oorhandig het, by (van links) mevv Lona Antoniadis (Musiek), Cathalina Baily (Eendrag) en Maria Daniels (Sonop).

Onder hulle is drie stigterslede van departemente (insluitende 'n dekaan) asook 'n gewese dekaan en 'n werknemer wat moontlik nog 'n skof van 25 jaar sal kan werk.

Dit was die tiende jaar dat sulke toekennings gedoen is. Elkeen het 'n sertifikaat en 'n kontantbedrag ontvang. Altesaam 355 personeellede is reeds sedert 1985 so vereer.

Prof Rudi Bigalke, dekaan van Bosbou, en proff Nico Louw en Robbie Reinecke, was die stigterslede van onderskeidelik die departemente Natuurbewaring, Chemiese Ingenieurswese en Bedryfsingenieurswese. Die voormalige dekaan wat vir lang diens vereer is, is prof Bethel Muller (Teologie).

Mnr Basil van Wyk, administratiewe beampte in die BJ Vorstergebou, het 'n uitsonderlike prestasie behaal deur op 38-jarige ouderdom vir 25 jaar diens vereer te word. Hy was maar 13 toe hy by die US begin werk het, maar "sy ouderdom is destyds as 'n wettige 16 op die register aangeteken."

Dit bring mee dat mnr Van Wyk dalk nog 'n keer vir 25 jaar diens vereer kan word, het prof Christo Viljoen gesê toe hy as wnd. Rektor en Visekanselier die toekennings oorhandig het. Mnr Van Wyk se pa, wat vroeër vanjaar dood is, het ook 'n kwarteeu by die US gewerk. ➔

Nog vyf professore is vanjaar vereer, nl. proff Frikkie van der Merwe (Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese), OT de Villiers (Botanie), Izak Lambrechts (Onder-nemingsbestuur), Hannes Olivier (Ou Testament) en Johan Smuts (Afrikaans en Nederlands) - asook vier ander dosente, dr Bernard Heyns (Chemie), mnr Walter Hassenpflug (Meganiese Inge-nieurswese), me Margaret Light-body (Menslike Bewegings-kunde) en mev Lona Antoniadis (Musiek).

Prof Philip Spies, direkteur van die Instituut vir Toekomsnavorsing, en mnr Hendrik Spies, sr. navorser, Chemie, het ook toekennings ontvang.

Die ander personeellede wat vir 'n kwarteeu diens vereer is, is mnre BA Marais, sr. tegn. beampte, Ingenieurswese; GE Honeyborne, hoof tegn. beampte, Hortologie; en MS Williams, assist. B, Welgevallen; mev C Baily, wat by Eendrag werk; mnre H Booysen, hoof tegn. assist., Sentrum vir Meganiese Dienste; J Lewis, sr. assist., Dekaansafdeling, Ingenieurswese; HJ Kannemeyer, eerste tegn. assist., Fisika; KP Williams, assist. C, Welgevallen; J Adams, sr. assist., Rekenaardienste; en FHA de Wit, admin. beampte A, Salarisse; mev M Daniels, kok, Sonop; mnre JJ Geldenhuys, hoof tegn. beampte, Mens- en Dierfisiologie; JA de Clerk, eerste admin. beampte, Openbare Betrekkinge (Geneeskunde); W Hendrikse, tegn. assist., Sentrum vir Elektroniese Dienste; J Strauss, assist.-rekenmeester, Begrotingsbeheer; en J Booysen, sr. tegn. assist., Reproduksie en Bind. •

Fotoboek oor OPPERMAN

Wyle prof Dirk Opperman, gevierde Afrikaanse digter en eertydse dosent in die Departement Afrikaans en Nederlands, sou op 29 September vanjaar sy tagtigste verjaardag gevier het. Om dié geleentheid te herdenk, is 'n fotoboek, Die Bonkige Zoeloelander: DJ Opperman in beeld, saamgestel deur die Stellenbosse literatuurhistorikus dr John Kannemeyer, uitgegee. Hier oorhandig mnr Danie Botha (middel) van Tafelberg-uitgewers 'n eksemplaar van die werk aan prof Andreas van Wyk, Rektor en Vise-kanselier. Regs is dr Kannemeyer, wat ook 'n ouddosent van die US is. Prof Opperman het einde 1979 afgetree, na presies twee dekades as hoogleraar op Stellenbosch

Maties kry spesiale kaart vir kontantvrye inkopies

Vir die eerste keer in Suid-Afrika gaan daar nou 'n studentesentrum wees wat ook 'n handelsentrum is, wat die student as wettige klant erken - die nuwe Langenhoven Studentesentrum.

Die Neelsie, soos Oud- en huidige Maties dit ken, bied aan die studente al die dienste van 'n tradisionele studentesentrum plus 'n keuse van sowat 40 handelsondernemings wat 'n bioskoopkompleks, boek- en sportwinkels, restaurante, wegneemete-kafees en 'n aksiekroeg insluit.

Benewens die uitvoerige bankdienste - wat OTM'S, banke en studente-bankdienste insluit - word elke winkel gekoppel aan 'n sentrale bankstelsel. Die "Neelsiekaart" sal studente in staat stel om kontantvry inkopies te doen.

Die nuwe Neelsie kombineer ou studente-tradisies met nuwe handelsidees en vir die eerste keer in die geskiedenis van die gebou is dit nie slegs vir studente nie, maar ook vir die breë publiek toeganklik.

Dit sal nie net heeltemal anders as die ou Neelsie lyk nie, maar gaan sy man staan teen die Kaap se beste winkelsentrums.

Die sentrum sal op 1 Februarie begin sake doen en op Woensdagaand 15 Februarie gaan die Rektor en Visekanselier, prof Andreas van Wyk, die Maties amptelik in die nuwe Neelsie terugverwelkom.

In die naweek van 24-26 Februarie gaan daar 'n groot openingsgeleentheid wees, onder meer met verskeie bekende Suid-Afrikaanse popgroepe wat sal optree.

Gedurende Februarie tot 31 Maart sal kaartjies teen R2,00 elk verkoop word, wat 'n mens die kans sal gee om 'n sportiewe rooi Kahlua-duinebesie te wen. Dit word ten bate van Uskor gedoen.

Vir nadere inligting skakel Tammy Holroyd by (021)808-3582.

die ingang na 'n hele

NUWE WÊRELD OP KAMPUS

OPEN WOENSDAG 1 FEBRUARIE 1995

langenhoven Neelsie STUDENTESENTRUM

WINKELGIDS

Dienste
Prontophone telefoon- & faksdiens
Kopieersentrum
Tiaan Strauss Wassery
Professional Support Services
Matie Reisburo
Poskantoor

Restaurante & Wegneemetes
Evergreen Health Foods
Bee Jay's Tuisnywerheid
Kentucky Fried Chicken
Decadent Donuts
Bumpers Schwarmas
Shang Hai Sjinese wegneemetes
Pizza and Pasta wegneemetes
Yogitreats
The Garage
Heavenly Delights -lekkergoedwinkel
Restaurant
San Fransisco koffiekroeg
Monty Joubert's Biltong



Boekwinkels
Van Schaiks
Dumo-X

Vermaak
Wonderland-Speletjiesarkade
The Garage aksiekroeg
Student Disco
Ster Kinekor Teaters

Bankdienste
Boland Bank
Volkskas Bank
Standard Bank
O.T.M.'e op grondvlak

Sporttoerusting en -klere
Boland Sport
Stopstreet Unisex Clothing
Tee Shirt Shop

Skoonheid en gesondheid
Ralf's Unisex Haarsalon
Coetzenburg Apteek
Optometrist

'n Fantastiese "beach buggy" kan gewen word! Kaartjies sal teen R2,00 elk verkoop word ten bate van Uskor

SENTRUM OPEN WOENSDAG 1 FEBRUARIE 1995 VRYDAG 24 FEBRUARIE 1995
OPENINGS-FEESVIERINGE HEEL DAG
POP KONSERTE KOMPETISIES EN BAIE MEER!!

As u 'n Oud-Matie is...

is dit u kredietkaart.

U Oud-Matie kredietkaart ondersteun u Alma Mater finansieel en gee u terselfdertyd krediet omdat u die regte keuse maak.

Dubbele voordele

U en u universiteit trek voordeel uit u kredietkaart.

Vir die universiteit:

- 'n Finansiële bydrae word aan die Universiteit gemaak elke keer as 'n kaart uitgereik word of wanneer die kaart gebruik word.
- Elke keer as u iets met u kaart aankoop, dra u by tot die prestige van u universiteit.

Vir u:

- Voordele sluit in al die geriewe, dienste en internasionale aanvaarding van MasterCard.
- U kry gereeld 'n katalogus met unieke spesiale aanbiedings – afslag op goedere, dienste en ontspanningsaktiwiteite.
- U wys u steun vir u universiteit.

Gebruik die kredietkaart wat u verkies

Met al die voordele vir u en vir u universiteit, sal u vind u verkies om eerder die Oud-Matie kredietkaart te gebruik as enige ander kredietkaart wat u mag hê.

Vir diegene wat kwalifiseer is daar ook 'n Universiteit van Stellenbosch Goue MasterCard met talle bykomende voordele. Pos net die koepon en u sal 'n brosjure en aansoekvorm kry.

As u 'n Oud-Matie is, dan is hierdie MasterCard u kredietkaart.

Pos hierdie koepon aan: Universiteitskredietkaartprogram, Privaatsak X6, Fairland, 2030

JA! Stuur my asseblief 'n **Oud-Matie** kredietkaartaansoekvorm en brosjure.

Titel | Voorletters | Van

Adres

Poskode | Tel nr: (W) Kode | Taalvoorkeur | Afr | Eng | Ouderdom

ABSA Bank Beperk handeldrywend as: United Bank, Volkskas Bank, TrustBank en Allied Bank. (ALUM)

93081212/3/RHP